

KERKBODE

Vandag se kerkkoerant vir vandag se kerkmense

1 Mei 2020

www.kerkbode.co.za • facebook.com/kerkbode

Spesiale uitgawe

Pleidooi in Koronastryd

Gesoek: kerkgeboue

JEANETTE CLARK

Wêreldwyd wys die Koronavirus-trajek dat Suid-Afrika nog vir 'n geruime tyd die stryd teen Covid-19 gaan stry. Kerke en gemeentes het reeds op plaaslike vlak ingetree om God se genade in aksie uit te leef, maar watter rol kan die geboue van die NG Kerk se sowat 1 000 gemeentes in die land se reaksie tot die pandemie speel?

Teen Woensdag 22 April was daar reeds 3 635 bevestigde gevalle van Covid-19 in Suid-Afrika, 'n sprong van 170 gevalle sedert die Nasionale Departement van Gesondheid die vorige dag statistiek bekend gemaak het. Die sterfesyfer het geklim na 65.

“Ons is nie besig om onself voor te berei vir 'n 100 meter-naelloop nie. Hierdie is 'n marathon,” sê ds Nioma Venter, predikant in sinodale diens: Diaconia.

Op nasionale vlak het dr Gustav Claassen, algemene sekretaris van die NG Kerk, gemeentes hierdie week in 'n direkte skrywe aangemoedig om twee sake vir die Covid-19 stryd te oorweeg. Eerstens deur by 'n ekumeniese reaksienetwerk in die gemeente se spesifieke omgewing in te skakel en, tweedens, om geboue beskikbaar te stel vir die regeringsdepartemente wat dit in die toekoms mag nodig kry.

“Fasiliteite word benodig vir moont-

Vervolg op bl 5

Gemeentes kan die volgende inligting aan Ester Steyn by esters@ngkerk.org.za deurggee om te help om 'n gekoördineerde databasis te bou met betrekking tot die hulpaksies waaraan hulle deelneem of watter fasiliteite hulle kan beskikbaar stel:

Onder die opskrif FASILITEITE: Kontakbesonderhede van verantwoordelike persoon, adres en landroosdistrik van fasiliteit, aard van die fasiliteit, byvoorbeeld saal, kategeselokale ens.

Onder die opskrif LEAN/NETWERK/PLATFORMS: Naam van verantwoordelike persone, kontakbesonderhede, adres van en landroosdistrik van perseel, aan wie hulp verleen word byvoorbeeld haweloses, bejaardes. Indien jy ook in nie meer as 200 woorde kan skryf waarmee julle besig is, sal dit welkom wees, aldus Steyn.



Samewerking in gesondheidstryd

Die fotojoernalis Alet Pretorius vertel oor hierdie treffende grendeltydfoto wat sy in Robert Sobukwestraat in Sunnyside, Pretoria geneem het terwyl sy besig was om die koronavirus se impak op die stad te dokumenteer. “Ek het teruggekyk om te sien of ek ver genoeg voor die konvooi is, toe het ek die kerk en die duive gesien en gehoop ek kan betyds uit my motor klim om die foto van die SANW, SAPD en Tshwane-metropolisiediens teen die agtergrond van die bekende ou Bronberg-kerkgebou te neem,” vertel Pretorius. Oor haar indruk tot dusver van die bekampingspogings deur die magte, gesondheidswerkers en ander rolspelers in die stryd teen Covid-19 het Pretorius by navraag laat weet: “Ek is definitief nie gekwalifiseer om 'n opinie te hê oor die reaksie van Suid-Afrika op die virus nie, maar oor die algemeen dink ek die regering het goed gereageer op 'n baie moeilike (en onbekende) bedreiging. Nieregteringsorganisasies speel ook 'n groot rol. Sonder hulle sou die regering baie gesukkel het om na mense om te sien. Die virus het egter die groot ongelukheid in Suid-Afrika baie duidelik gemaak. Sal ons uiteindelik die ongelukheid kan aanspreek en hoe kan ek bydra om daardie doelwit te bereik?” Sien nog 'n foto op bl 3.

50% afslag op aflaaibare PDF's van ons topverkopers

Jong teoloë praat saam ...

In hierdie boek tree jong teoloë vanuit die rykdom van die Christelike tradisie met hedendaagse geloofs- en lewensvrae in gesprek.



nou
slegs
R80




nou
slegs
R60

Wat doen ons wanneer ons bid?

Kan ons die doeltreffendheid van gebed eksperimenteel of statisties bewys, en indien nie, waarom nie? Die skrywer ontleed die dinge wat ons doen wanneer ons bid.


Nog aflaaibare PDF's teen 50% afslag!



nou
R70

Dancing with Deity

This publication explores the role of art in religious experience, especially in reformed liturgy. The author subscribes to the view that aesthetics in theology is important.



nou
R30

Theology and economics

Notwithstanding the great historical differences between the 16th and 21st century the theology of Calvin turns out to be of surprising relevance today. The context of Calvin's theology is compared to the present one, thus finding the common denominator of both worlds needed for demonstrating Calvin's relevance today.



nou
R25

Mosaïek van mense

Van Barth tot Buti, van Boshoff tot Mandela – só uiteenlopend is die groot geeste wat Nico Smith se pad oor ses dekades vanaf Afrika tot in Europa en terug gekruis het. Dié mosaïek van mense het Smith se denke en lewe radikaal verander.

Om te dien ...



Die fotojurnalis Alet Pretorius dokumenteer die impak van die korona-pandemie in Pretoria (sien voorbladfoto en foto hierbo). *Kerkbode* wou by haar weet:

KB: Vertel vir ons meer van die toneel hierbo:

AP: In die foto versorg ene dr Stonehouse vir Alpheus Manganye deur sy verbande af te haal nadat Alpheus sy afspraak by die hospitaal gemis het as gevolg van die

grendelstaat. Ek het die foto geneem by Lyttleton-sportgronde waar die regering hawelose mense huisves. Die meeste van die mense wat daar gehuisves word, is afhanklik van dwelms en word medies bygestaan deur die stad. Hulle bestuur 'n program waar gezondheidswerkers Methadone gee aan die mense om die onttrekingsimptome te vermy en te help met rehabilitasie. Dokters help ook met ander mediese probleme soos dr Stonehouse hier vir Alpheus help

versorg. Die toneel het my opgeval omdat die gezondheidswerkers en dokters die mense met soveel geduld behandel. Hawelose mense (veral as hulle boonop aan dwelms verslaaf is) word dikwels nie gehoor nie en het nie baie opsies nie. Daardie dag het ek opgemerk hoe die dokters na hulle luister. Visueel het die toneel my ook laat dink aan die storie van Jesus wat sy dissipels se foto was en hoe dit 'n teken van nederigheid is.

Foto: Alet Pretorius

Dankofferdaling: 'Leer reguit praat oor geld'

JACOBIE M HELENA

Geen eredienste beteken geen tradisionele kollekteopname en talle NG gemeentes sien reeds die finansiële effek op hulle boeke wat 'n groot impak kan hê op organisasies wat op hulle beurt deur gemeentes ondersteun word.

Ds Gert Victor, predikant by NG gemeente Harrismith sê dat hulle reeds 'n 20% daling in inkomste beleef. "Ons ervaar definitief al 'n effek. Die kollekte word gewoonlik aan verskillende organisasies en bedieninge in die gemeente geskenk. Die donasies moet steeds aan die organisasies gemaak word. Die unieke uitdaging is dat die geld nou uit ander bronne gegenereer moet word aangesien daar nie eredienste is nie. Maar ek moet óók byvoeg dat die elektroniese bydraes wat ons in die WhatsApp-groepe vra elke week vermeerder," vertel Victor.

By die makrogemeente NG Kempton-Hoogland, vertel dr Neels du Randt

dat hulle beslis einde April 'n effek sal voel omdat baie mense hulle inkomste gaan verloor. Du Randt brei uit: "Ons moedig kollektes met EFT en Snpascan aan, maar ons verloor die kollekte van die ouer mense. Hulle hou daarvan om steeds soos oudergewoonte hulle rande in die bordjies te gooi," sê Du Randt.

Ook op die Noord-Kaapse platteland is ds Bianca van Graan, leraar by NG gemeente Kenhardt, bekommerd. "Ons het nog nét die maandelikse dankoffers wat met aftrekorders inbetaal word ontvang," sê Van Graan. Sy voeg by dat dit 'n groot bekommernis in die gemeente is omdat hulle reeds weens die droogte finansiële swaarkry.

Tog meen prof Johan van der Merwe dat lidmate en leraars in hierdie tyd kan leer om nuut te dink oor geld, wat volgens hom een van die grootste taboes in die kerk is. Van der Merwe, 'n professor in Kerkgeskiedenis en Kerkreg aan die Universiteit van Pretoria, sê dat die ekonomiese krisis hand aan hand met

die kononavirus-pandemie loop en die gesprek rondom geld in die kerk nie ontduik kan word nie. "Die meeste gemeentes van die NG Kerk spandeer tussen 65 en 75% van hulle inkomste aan die vergoeding van personeel, wat nie uitsonderlik is vir 'diensorganisasies' nie," skryf Van der Merwe in sy onlangse rubriek in *Kerkbode*. "Dit beteken egter dat die vergoeding van personeel te midde van dalende dankoffers gouer as later ter sprake gaan kom. Die uitdaging is om met groot verantwoordelijkheid en openhartigheid deurlopend met personeel te kommunikeer. Tydelike aanpassings in vergoeding soos wat ons tans oral in die wêreld rondom ons sien, mag dalk aan gemeentes broodnodige finansiële beweegruimte bied en hulle help om te oorleef. Miskien kan predikante selfs hierin 'n voorbeeld stel en kan dit 'n groter getuigenisgeleentheid word as wat ons ooit kan droom – om te wys wat dit beteken om elke dag vir die dag se brood te bid."

Kinderhuise in die knyp

JACOBIE M HELENA

"Die donasies het opgedroog en dit het 'n rimpeleffek."

Só vertel Petro Uren van die Herberg Kinderhuis op Robertson in die Wes-Kaap. Uren, wat die bemerking van die kinderhuis behartig, het haar na Facebook gewend om vir donasies te vra omdat die kinderhuis in die grendeltyd groot finansiële uitdagings in die gesig staar. Uren verduidelik verder: "Donateurs kan nie meer soos oudergewoonte donasies self na die kinderhuis toe bring nie. Die donasies kan nou slegs elektronies ontvang word. Die koronavirus veroorsaak óók dat die kinderhuis weens veiligheidsredes nie enige kleredonasies kan ontvang nie," verduidelik Uren. Sy sê die twee grootste uitdagings vir die Herberg Kinderhuis is om die 122 kinders se skool- en koshuisfondse te betaal en om vir hulle kos aan te koop.

Hermien Bezuidenhout van die Catherine Robson Kinderhuis in Vereeniging, Gauteng, sê hulle grootste uitdaging tydens die grendeltyd is om die kinders gesond te hou deur hulle behoorlik te voed. Hulle werk baie hard om vir die kinders gebalanseerde maaltye te gee om te verhoed dat hulle nie siek word nie. "Ons is ekstra streng met die kinders oor persoonlike higiëne en om die kinderhuis kiemvry te hou, want die winter kom al nader," verduidelik Bezuidenhout.

Alhoewel die Môrester Kinderen Jeugsorgsentrum in Ladysmith, KwaZulu-Natal, ook soortgelyke uitdagings in die gesig staar, vertel Lizette van Niekerk van die wonderwerk baba wat op die eerste dag van die grendeltyd by hulle aangesluit het. "Op die eerste dag van grendeltyd het 'n vrou haar twee dae oue baba vir ons gebring. Die vrou het gesê sy kan nie vir die baba sorg nie. En watter wonderwerk is dit nie dat die vrou die insig gehad het om in die beste belang van die baba op te tree en die kind nie net in 'n vullisdrom te los nie." Van Niekerk sê die baba groei ongelooflik mooi in die grendeltyd. Hulle het ook twee babas wat onderskeidelik drie weke en drie maande oud is. Van Niekerk sê dit is 'n uitdaging om met die koop van formulemelk en doeke voor te bly.

● Indien jy die kinderhuise wil ondersteun, kontak gerus die ondersteunende persone:

Petro Uren: 084 586 2583 (Herberg Kinderhuis)

Lizette van Niekerk: 083 306 7016 (Môrester Kinder- en Jeugsorgsentrum)

Hermien Bezuidenhout: 016 455 1733 (Catherine Robson Kinderhuis).

Grendeltyd: 'Laat ons bid vir wysheid'

CONETTE LE ROUX

Isolasie kan oor die langtermyn selfs groter skade aan gemeenskappe as die virus self aanrig, skryf dr Gideon van der Watt in 'n dokument wat leiding aan die wyer kerkgemeenskap tydens die Korona-pandemie probeer gee.

"Mense benodig God, maar hulle het ook mekaar nodig. In die nabye toekoms sal dominees moet help om verantwoordelike, gebalanseerde antwoorde vir hulle plaaslike gemeenskappe te gee oor maniere om van die ontwinging (van isolasie) te herstel en te genees. Kom ons bid bewustelik vir wysheid," sê Van der Watt, voormalige uitvoerende amptenaar van die NG Kerk Vrystaat en tans redakteur van die Christelike Lektuurfonds (CLF).

Intussen probeer CLF se dokument, *Tools for pastoral care in Covid-19 lockdown time*, pastorale sleutels vir leraars tydens grendeltyd gee.

Die dokument, waarvan Van der Watt redakteur was, is deur die Suid-Afrikaanse Raad van Kerke (SARK)

aangevra te midde van 'n magdom ander platforms, soos Bybel-Media se Kieskerk, wat poog om die uitdagende tyd, wat die kerk en sy gemeenskap tans beleef, effe makliker te maak.

Die vraag oor waar God tydens die pandemie is, wenke vir pastorale "gesprekke", die hantering van verlies en huishoudelike geweld is net van die uitdagings wat in die dokument van 17 blaaie, waaraan vier kundiges meegeewerk het, bespreek word.

Sowat 2 300 gevalle van geweld teen vroue en kinders is in die eerste week van grendeltyd in Suid-Afrika aangekondig, skryf ds Dawid Mouton, leraar aan die VGK Keetmanshoop in Namibië in sy hoofstuk wat poog om leraars met lidmate wat geweld in hulle woonplek ervaar, by te staan.

Verder het die *New York Times* op 6 April oor die toename van wêreldwye huishoudelike geweld berig. Mouton gee 11 wenke vir leraars om slagoffers van geweld by te staan.

Prof Jan-Albert van den Berg, dosent

aan die Universiteit van die Vrystaat (UV), vertel hoe hy en 'n kollega om 'n "virtuele tafel" gaan sit het om wenke vir pastorale begeleiding tydens grendeltyd op te stel. Nuwe maniere van pastorale betrokkenheid, die erkenning van jou eie vrese en om werklik te luister is van die sleutels wat uiteengesit word.

Verder bespreek Van der Watt die teologiese vrae rondom God en die bese. "In plaas daarvan om te maklik van swaarkry te probeer ontsnap, of te maklike antwoorde te soek, moet ons eerder leer om die onverklaarbare swaarkry, en ons eie broosheid en sterflikheid te aanvaar," sê Van der Watt. En dat ons laastens ons swaarkry, angs en hulpeloosheid na God sal bring.

Dr Juanita Meyer van die Fakulteit Teologie aan die UV gee raad oor hoe om die belangrikheid van die rouproses te herontdek.

Van der Watt het afgesluit: "En miskien help die krisis ons om te beseef: Kerk gaan nie so baie oor kerk toe gaan nie, maar om kerk te wees."

'Draai om,' hoor seun wat oorlede ma wou gaan groet

CONETTE LE ROUX

"Toe die kaptein sê ek moet omdraai, was daar nie regtig stry en baklei in my oor nie.

Ek glo die Here het ook ingegryp en my kalm gemaak. Daar het net 'n gevoel van 'aanvaar' oor my gekom. Dit was God se wil. Daar was letterlik niemand op die N7 op pad terug Kaap toe nie. Ek het net met God en my ma gepraat. Toe ek sien was ek terug in die Kaap, voor my huis."

So vertel Hanno Coetzee, tot onlangs grafiese ontwerper by Bybel-Media op Wellington, nadat hy sowat 420 km afgelê het om sy pa te gaan bystaan na sy ma se dood. Coetzee, wat in Sonstraalhoogte in Durbanville woon, moes egter 140 km voor sy ouers se tuisdorp in die Noord-Kaap omdraai.

Op 28 Maart het Coetzee die tyding van sy ma Hannatjie Coetzee se afsterwe ontvang, en wou dadelik ry om sy pa Willie in Springbok te gaan bystaan.

Maar, midde in grendeltyd, het hy besluit om eers sy naaste polisie-stasie te kontak. Volgens Hanno het 'n polisie-man hom by sy huis kom besoek en gehelp met die nodige dokumentasie om te reis sowel as 'n beëdigde verklaring dat sy ma oorlede is.

Coetzee het sowat 16:00 by sy huis

weggetrek en is die aand 21:00 by 'n padblokkade voorgekeer, wat hom toegelaat het om verder te ry. Tien kilometer later is Coetzee egter weer voorgekeer, maar dié keer is hy verhoed om verder te ry en moes sonder enige slaap weer die 420 km na sy huis terugry.

"Ek was in daardie stadium fisies redelik moeg van die ry, maar emosioneel was ek ook baie uitgeput," sê hy oor waarom hy nie eens die polisie se byna onredelike bevel bevestig het nie. "Die kaptein wat my voorgekeer het, was baie simpatiek, maar het verduidelik dat ek volgens wet nie op die oomblik na 'n ander provinsie mag reis nie," sê Coetzee.

Volgens Coetzee neem hy nie die polisieman, wat gehelp het met sy reis-dokumentasie, kwalik nie. Daar was duidelik onsekerheid oor die wetgewing hier rondom, meen Coetzee.

Coetzee sê dat sy pa tans deur vriende ondersteun word en dat hy aan die herinnering van meer as 48 jaar se huwelik en "ware liefde" vashou.

"By tye is my pa okay, maar vanoggend was hy weer baie hartseer. Dan praat ek maar mooi. Hy het ook gesê: 'Ek gun haar die rus en ek weet dat God se liefde haar omring. Ek weet eindag is



Voor staan Lana, Hanno se vrou. Agter staan vlnr sy pa Willie, sy ma Hannatjie en Hanno. Foto verskaf

ek weer by haar," aldus Coetzee.

Intussen het die Staatskoerant op 2 April berig dat persone wel na ander provinsies mag reis vir, onder andere, 'n ouer se begrafnis.

Coetzee vertel hulle het sy ma, wat aan hartversaking oorlede is, laat balsem en verkies om die begrafnis eers na die grendeltyd te hou.

"Ek weet ons kan nou wel vir haar begrafnis Springbok toe gaan, maar ons wil rustig wees wanneer ons dit doen. Ons wil nie voel die weermag en polisie hou jou dop wanneer jy vir 'n laaste keer totsiens sê nie," het Coetzee verduidelik.



Duisende maskers word benodig om haweloses en vrywilligers in skuilings tydens inperking te beveilig, luidens 'n verklaring deur MES.

Maskertekort: So kan jy help

CONETTE LE ROUX

Trek jou naaldwerkmasjien nader en help om haweloses en vrywilligers in en om Kaapstad te beskerm.

Meer as 5 000 maskers word benodig om haweloses en vrywilligers in skuilings tydens inperking te beveilig, het die middestadbedieningsorganisasie MES Kaapstad laat weet.

Luidens 'n verklaring deur MES het die regering sy beleid rondom maskers aangepas, en beveel hulle nou aan dat Suid-Afrikaners ook materiaal-maskers, van drie lae, kan dra vir beveiliging teen die Covid-19-virus.

Eerstens moet gretiges die instruksies by <http://homeless.org.za/lockdown/#masks> volg. Hiervoor het jy jou eie materiaal en toerusting nodig.

Laastens kan die maskers by vier afsetpunte afgelewer word:

- MES-hoofkantoor: Daviesstraat 3, Bellville (weeke tussende tussen 9:00 en 16:00)
- Vineyard Engen-vulstasie: Hoofweg 2, Nuweland
- U Turn-sentrum: Hoek van Hawthorne- en Claremontrylaan (weeke tussende tussen 10:00 en 14:00)
- Service Dining Rooms: Canterburystraat 82, Zonnebloem (weeke tussende tussen 7:00 en 14:00)

Indien aflewering nie moontlik is nie, kan Anelle Erasmus by anelle@mes.org.za of 021 949 8736 gekontak word.

**Besoek gerus
kerkbode.co.za
vir die jongste nuus.**

Vervolg van bl 1

like toetsing vir die virus, veilige ruimtes vir slagoffers van gesinsgeweld, persone wat nie siek genoeg is om by hospitale opgeneem te word nie of in isolasie moet gaan, asook skuilings vir hawelose mense,” sê Claassen.

Gemeentes sou self kon besluit wat hulle kan aanbied en waarvoor. Besonderhede moet aan die kantoor van die Algemene Sinode deurgegee word, wat dié databasis met die twee betrokke nasionale regeringsdepartemente sal deel. Die Departement van Maatskaplike Ontwikkeling of die Departement van Gesondheid sal dan direk in verbinding tree indien nodig. Voorwaardes wat reeds onderhandel is, is dat

enige skade aangespreek sal word en dat die geboue onmiddellik beskikbaar gestel sal word vir kerklike aktiwiteite as die grendeltyd verby is.

Kerke word ook gerus gestel dat hulle net die fasiliteit bied, die betrokke departement sal voorsiening maak vir personeel, voedsel, beddens, sekuriteit ens.

Verder word gemeentes aangemoedig om, indien hulle nog nie het nie, by enige ekumeniese hulpaksies in hulle omgewing in te skakel. As daar nog nie 'n struktuur in plek is nie, word die Suid-Afrikaanse Raad van Kerke se LEAN (Lean Ecumenical Action Network) as 'n konsepmodel voorgestel. 'n Voorbeeld van só 'n netwerk wat reeds sterk op dreef is, is die werk van ds Jacques Greylingh saam met die an-

der geloofsleiers van die Clanwilliam-omgewing.

Op 14 April het nege verskillende kerke in die Clanwilliam-omgewing vergader en besluit om 'n geïntegreerde verspreidingspunt vir die verlening van hulp te skep. Die plaaslike Badisa-kantoor is as die fidusiêre vennoot gekies waar alle geldelike donasies geadmistreer word. Teen 4 Mei sal die netwerk, waarvan die munisipaliteit deel uitmaak, ten volle operasioneel wees om voedselhulp te verskaf.

“Die samewerking tussen die verskillende kerke en partye kom al sedert 2016, van die begin van die droogte aan,” sê Greylingh. “Jy moet hande vat, jy het nie 'n ander keuse nie,” sê hy.

“Gemeentes reageer tans vanuit

hulle bestaande verhoudings,” bevestig Venter. “Op hierdie stadium was dit nog glad nie vir ons nodig om vir enige gemeente eintlik te sê wat om te doen nie.”

Venter is al sedert die Suid-Kaap se brande in 2017 betrokke by die ekumeniese rampbestuur- en reaksie-organisasie RESPOND. Sy voorsien wel dat, soos die impak van Covid-19 Suid-Afrika deur die verskillende fases van 'n ramp dra, 'n meer gekoördineerde nasionale benadering vanaf kerke nodig gaan wees en sy moedig gemeentes aan om hulle stories van betrokkenheid met die groter kerk te deel.

“Dit is wanneer ons ons stories deel dat jy jou verbeelding kan losmaak en nuwe idees vorendag kan kom,” sê sy.



Hy't gewet hoe om 'n Christen in die tronk te wees ... maar buite?

JACO STRYDOM

“Nou, hoe hardloop 'n mens met 'n geiser?” vra ek vir Aubrey.

“Dis nie nodig om te hardloop nie, jy haal hom uitmekaar uit en dan vat jy net die koper,” sê hy.

Aubrey Thompson is 'n merkwaardige man met 'n groot storie. Jy sou 'n film oor sy lewe kon maak – met 'n redelik hoë ouderdomsbepaling.

Hy het grootgeword op Worcester, eers by sy ouma en later by sy pa en stiefma. Hy het goed gedoen op skool, veral in rekeningkunde. 'n Klomp planne is gemaak sodat hy na skool kon gaan studeer. Na hy 'n paar opedae by universiteite bygewoon het, was hy meer as ooit gemotiveer om hard te werk sodat hy die nodige punte kon kry om sy droom om 'n rekenmeester te word moontlik te maak.

Aubrey se matriekuitslae was goed, maar oornag het alles verander. Sy stiefma het hom ingelig dat daar skielik geen geld vir studeer is nie. Hy moet 'n werk gaan soek soos al die ander mense, het sy gesê.

Die teleurstelling was oorweldigend.

“Oor 'n simpel ding soos daai het ek heeltemal rebellious begin raak,” sê Aubrey. “Ek het gevoel ek het nou skielik geen toekoms meer nie. Op skool het ek nie eens sigarette gerook nie, maar nou het ek saam met verkeerde vriende begin uithang en party en alles begin doen wat ek nooit voorheen sou doen nie.”

Hy het werk gekry by 'n supermark en in die aande en oor naweke erg begin drink en kort daarna betrokke geraak by dwelms.

“Het jy baie tik gebruik?” vra ek.

“Sjo! Ek was heavy verslaaf,” sê hy.

“Jy doen ook nooit iets half nie,” sê ek en Aubrey lag.

“Ek het altyd voluit gegaan!”

Hy het hard geswot op skool, uit-

geblink in sport, voluit dwelms gebruik en toe hy die dag by misdaad betrokke raak, doen hy dit ook ordentlik, hy was gou 'n ekspert.

Aanvanklik was dit net huisbraak – waar hy die koper uit geisers gesteel het. “Maar my specialty was eintlik bedrog,” sê Aubrey. Kort daarna het hy van die groot kettingwinkels begin beroof.

Aubrey is 'n paar keer gevang. Vir die volgende paar jaar was hy in en uit polisie-selle en selfs nou en dan vir kort rukkie in die tronk, meeste van die tyd onder 'n skuilnaam. Tussenin het hy op straat gebly en al meer dwelms gebruik.

Op 'n dag begin alles verkeerd loop. Aubrey word weer gevang, 'n polisie-man sit al die drade van sy vorige misdade bymekaar en hy word gevonnissen tot 'n paar jaar tronkstraf in Pollsmoor.

Aubrey sê hy was finaal moedeloos, hy het homself probeer ophang met 'n rekenaarkabel, maar die kabel het gebreek. Nog 'n mislukking.

Die tronk was oorvol, met die gevolg dat hy in 'n erg vreemde tronksel beland het genaamd die “brother-kamer”. 'n Klomp mans wat in die tronk tot bekering gekom het, was saam toegesluit in die sel. Dit was 'n eienaardige plek vir 'n tronk, sê Aubrey. Rook was byvoorbeeld verbode en niemand het dagga gesmokkel nie.

Die eerste aand het die leier van die kamer, wat vir meer as twintig jaar tronkstraf gevonnissen is, sy storie vir Aubrey vertel.

Aubrey was verstom. Hy het gedink, as die Here 'n moordenaar kan verander, is daar dalk ook hoop vir hom. Hulle het begin saam bid en begin Bybel lees.

Nog 'n ding wat Aubrey verbaas het, was die groep vrywilligers uit gemeentes wat gereeld besoek afgelê het.

“Hoe kan hierdie mense hulle huishouding verlaat vir 'n klomp ouens in die tronk, met hulle praat en na hulle



Aubrey en Sharon Thompson en hulle kinders.

luister? En hulle was genuine! Ek kon sien hierdie mense glo rêrig, daar was iets in hulle wat ek nie kan beskryf met woorde nie, iets wat vir my nie bestaan het nie, hierdie groot liefde.”

Aubrey sê hy was eintlik bang om 'n paar jaar later vrygelaat te word. Veral bang vir homself. Hy het vir die geestelike werker gesê hy weet hoe om 'n Christen te wees in die tronk, maar hy weet nie hoe om een te wees daar buite nie.

Na die tronk maak hy kontak met Colleen Pietersen by TLC Outreach Projects wat straatmense help in Table View in Kaapstad. Sy het gesê sy ken 'n dominee wat haar 'n guns skuld en so ontmoet Aubrey vir Niel Steyn, wat as dominee gekoppel is by twee NG gemeentes in Table View en Bloubergstrand en tans ons Echohuise in die Kaap bestuur.

Niel het aanvanklik gesê Aubrey kan net 'n maand bly, want hy was eintlik te oud vir die huis vir naskoolse jongmense.

“Aan die begin was ek bang om eerlik te wees oor my verlede, maar een aand

vertel ek vir Bushy en Ashmal, wat saam met my gebly het, ek kom uit die tronk en uit dwelms en in plaas van die resentment en rejection wat ek verwag het, kry ek net liefde. Ek was so verbaas,” vertel Aubrey.

'n Paar jaar later trou Niel vir Aubrey en Sharon, 'n hulp-maatskaplike werker (social auxiliary worker) wat hy by TLC ontmoet het. Sien, everything is connected!

Aubrey sê Niel, wat heelwat jonger is as hy, voel soos 'n ouer broer. Hy kan hom met alles vertrou. Vandag is hulle saam in die bediening.

Die laaste paar jaar woon Aubrey en Sharon as mentors in 'n huis vir jongmense in nood in Table View. Hulle werk albei vir 'n besigheid wat Bushy, een van die inwoners in die eerste huis waar Aubrey gewoon het, begin het. Hulle jongste seuntjie Timothy is 'n paar weke gelede gebore.

Aubrey sê sy gunstelingvers in die Bybel is 2 Korintiërs 5:17: “Iemand wat aan Christus behoort, is 'n nuwe mens. Die oue is verby, die nuwe het gekom.”

Ingekluster én blootgestel

T een laatskemer op Dag Whatever van grendeltyd soek ek vanaf my middestadse woonstelbalkon na 'n silwer randjie om die Covid-wolk.

Ek vind dadelik een: nuwe stilte. Geraas het soos 'n gletser gesmelt en 'n onbekende laag geluide blootgelê wat vermoedelik dekades lank onder die dreuning van motors, nagklubmusiek, eetgerei-lawaai in oorvol restaurante en die klanke van allerlei pre-lockdown-bedrywighede oorleef het: 'n Afrikaanse naguil (*Caprimulgus pectoralis*) wat uit die bloekoms teen Seinheuwel bo-oor die Bo-Kaap en Tamboerskloof daai bekende roep van hom laat hoor: "Good lord, deliver us".

In hierdie uitgawe deel 'n dominee 'n skermgreep van sy Strava-profiel wat wys hoe hy om-en-om-en-om hulle kerkgrond draf om fiks te bly (sien bl 12 en 13). Die foto lyk meer soos 'n kind wat met 'n vetkryt geteken het, maar dit vang vir my nogal iets vas van die frustrasie wat stellig by alle krani-ge hardlopers opbou wanneer hulle ingekluister word. Natuurlik is daar weer diegene vir wie tuisbly nie 'n opsie is nie. Hulle moet dikwels hulle eie veiligheid in diens van ander en die ekonomie waag. Op bl 10 en 11 praat Conette le Roux met 'n paar van daardie "voorste-linie-vegters".

Ook die voorbladfoto is deur so 'n loopgraafvegter geneem. Die talentvolle Alet Pretorius. Lees die kort onderhoud met haar op bl 3. Bly veilig.

KONTAK ONS

Teken in op Kerkbode

Jeanne van Niekerk
E-pos: jeanne@tydskrifte.co.za
Tel (Kantoor): 021 864 8252

Intekenare/gemeentenvrae:

Viona Ross
Tel 021 864 8278. E-pos: viona@tydskrifte.co.za

Redaksie:

Stuur vir ons nuuswenke en artikelvoorstelle na kerkbode@tydskrifte.co.za

Redakteur:

Le Roux Schoeman
leroux@kerkbode.co.za
Tel 021 864 8247

Assistent-redakteur:

Conette le Roux
Tel 021 864 8236
E-pos: conette@kerkbode.co.za

Ontwerper:

Mario Small
E-pos: mario@kerkbode.co.za

Proefleser:

Lambert Jacobs

Advertensies en vakatures:

Hanlie Raath
Tel 023 342 6030; sel 072 357 8914
E-pos: woes@mweb.co.za

Kleinadvertensies en ampelike nuus:

Lida Viljoen
E-pos: lida@tydskrifte.co.za
Tel (Halfdag): 021 864 8202

Bemaking:

Amanda van der Westhuizen, tel 021 864 8231

Lourens Bosman

OP DIE KERKSTOEP



Peiling: Data verras oor angsvlakke en behoeftes

Kerkbode het onlangs 'n peiling op kerkbode.co.za gedoen wat toon dat lidmate van die NG Kerk te midde van die Covid-19-krisis kalmte ervaar, maar dat hulle diens wil lewer en met hulle geliefdes wil konnekteer.

Die Taakspan Navorsing van die Algemene Sinode het die aanlynmeningspeiling in samewerking met die Kerkbode-span aan die einde van die eerste week van inperking gedoen.

Met hierdie peiling wou die taakspan uitvind watter emosies lidmate beleef aan die begin van die nasionale inperking en ook watter behoeftes daaruit spruit. 219 persone het deelgeneem en die resultate was verrassend en insig-gewend.

In teenstelling met wat verwag is, het emosies wat te doen het met ontwrigting, ang, onsekerheid, magteloosheid en isolasie laag getoets. Die ervaring wat die meeste aangedui is, was: "Ek voel kalm omdat God alles ten goede laat meewerk." Die tweede hoogste belewenis was bekommernis oor die kwesbare mense in Suid-Afrika en derde was dankbaarheid dat die regering op die regte manier optree.



Dit blyk dat geloof rustigheid bring, maar nie afsydigheid nie. Dit bring eerder empatie met mense wat die hardste getref word deur die inperking.

Die uitkoms ten opsigte van emosionele belewenis word ondersteun in die response op die vraag oor lidmate se behoeftes in hierdie tyd. Die grootste behoefte wat uitgespreek is, was aan geleentheid om iets vir ander mense te doen. Dit is gevolg deur die behoefte om met geliefdes te konnekteer.

Hierdie resultate korreleer met vorige navorsing. Vóór die Algemene Sinodesit-



ting in Oktober 2019 is soortgelyke aanlyn-meningspeilings asook opnames in gemeentes gedoen. Op 'n vraag oor die toekomstige roeping van die kerk het die peiling uitgewys dat dit vir lidmate eers- tens gaan oor die verkondiging van die evangelie en dan verder om meer betrokke te wees in die gemeenskap. Daar is ook oorweldigende instemming dat die kerk met ander kerke en instansies in die gemeenskap moet handvat om hierdie roeping te vervul.

Dit het bepaalde implikasies vir die manier waarop die kerk sy bediening in

predikante hulle eie rol anders sal moet sien: nie net as predikers en pastors nie, maar ook as fasiliteerders en skeppers van geleentheid tot dienslewering.

Vanuit 'n opname wat die taakspan onder 'n diverse groep leraars van die kerk gedoen het, is die gevoel hieroor soos volg geformuleer: "Almal het reeds begin saamdink oor die verreikende gevolge wat hierdie ramp vir die wêreld inhou. Dieselfde kreatiwiteit en innovasie waarmee ons eredienste en liturgie kon herbedink in 'n week, moet nou ingespan word om te dink en te beplan hoe ons diensbaar kan wees in ons gemeenskappe."

Die NG Kerk is in 'n unieke posisie dat daar reeds 'n effektiewe en uitgebreide netwerk van dienslewering in die gemeenskap bestaan. Die kerklike maatskaplike strukture is dwarsoor die land in plaaslike gemeenskappe aan die werk. Naas gesondheidswerkers is die maatskaplike werkers van die land ook in die voorste linie van die stryd teen Covid-19, in hulle geval, in die stryd teen armoede.

Dit is ook nodig dat gemeentes sal handvat met ander plaaslike organisasies en kerke. Organisasies wat in die gemeenskap werk, mag weer vind dat die plaaslike kerke 'n uiters belangrike bron vir hulle kan oopsluit – gewillige mense. Terwyl die oproep om tuis te bly oraloor weerklink, is gemeentes vol mense wat geleentheid soek om diens te lewer. Kerke is die bes georganiseerde burgerlike organisasies in die wêreld en kan, soos geen ander nie, gewillige mense en diensgeleentheid bymekaar bring.

► Dr Lourens Bosman is lid van die taakspan vir navorsing van die Algemene Sinode.



Die virus van genade

Die verhaal *Love in the time of cholera* (1984), geskryf deur die Suid-Amerikaanse skrywer Gabriel García Márquez, opper die vraag of liefde opsigself nie 'n siekte – dalk selfs so vatbaar en verwoestend as kolera – is nie. In Spaans is die woord *cólera* dubbelsinnig: Dit kan (buiten die siekte) ook gebruik word as 'n beskrywing van passievolle woede en verontwaardiging, en selfs (in Latynse en Griekse verwysings) 'n galverwante siekte of gif (dink maar aan die uitdrukking “om gal te braak”).

In ons huidige tydsgreep, met die talle uitdagings wat Covid-19 aan ons bied, sou ons dalk meer kon nadink oor “liefde in die tyd van korona”. Hierdie soort sinspelings op die titel van Márquez se boek het my laat dink aan liefde-as-virus: naamlik, dat nie alleenlik virusse soos kolera (of korona) aan die hand van virus-taal beskryf sou kon word nie (en ons sou ook aan ander voorbeelde van virusse kon dink, soos rekenaarvirusse waarvoor ons anti-virus-sagteware moet installeer), maar ook liefde. In bogenoemde verhaal word die donker kante van liefde-as-virus (as obsessie, as sieklike, as verdraaiing) in strak terme uitgebeeld. Liefde-as-virus is verwoestend maar onvermydelik, soos wat kolera of korona verwoestend en lewensbedreigend is. “Virus” word hiermee sinoniem vir “sleg” of “skadelik”.

In sy Christelike dogmatiek gebruik die Duitse gereformeerde teoloog Friedrich Schleiermacher egter juis die

beeld van 'n virus op 'n positiewe wyse om die uitwerking van genade te beskryf. Hierdie virus werk ditself in in die bloedsomloop, selle en organe van die gemeenskap van begenadigdes, die liggaam van Christus, die kerk. Christus se genadige invloed kom tot uitdrukking in ons persoonlike en kollektiewe geskiedenis(se). Deur Christus kring hierdie genadige invloed uit totdat genade uiteindelik die ganse mensdom infekteer.

Die genadevirus van Christus se liefde vir die wêreld is daarom niks minder as 'n pandemie nie: Geeneen is immuun daarteen nie, geeneen kan ingeënt word daarvoor nie, en selfs al versprei dit geleidelik – almal word nie noodwendig onmiddelik daardeur geraak nie – is dit ten diepste 'n sosiale virus, wat ditself binne die (heils)geskiedenis van die Trinitariese God se werk in die wêreld uitspeel. Christus se deurdrenkende, insluitende, inbeddende, lewende, lewensnoodsaaklike, genadige invloed trek ons in by die gemeenskap met die drie-enige God.

Maar terselfertyd sou ons ook aan genade kon dink as 'n *anti*-virus. In sy aangrypende nadenke oor Christus se vleeswording beskryf Schleiermacher

God se koms in die wêreld soos volg: Deur Adam word die virus van sonde onder die mensdom versprei. Adam is, sou ons kon sê, *patient zero* vir die verspreiding van die sondevirus onder die mensdom. Geeneen spring dit vry nie. Ons word elkeen daardeur geïnfecteer. Niemand kan op grond van prestasie of goeie werke of selfs 'n laaste greintjie goedheid hulleself red nie, want ons almal is diep bedorwe. So bely die kerk, reeds vanaf Augustinus se geskil met Pelagius hieroor, dat ons almal sondaars is wat die dood verdien.

Tog is dit juis hierdie sondige toestand wat by ons 'n ontvanklikheid vir Godsgenade kweek, argumenteer Schleiermacher. Met Christus – die tweede Adam, *patient zero* vir die verspreiding van die genadevirus onder die mensdom – se koms na die wêreld word dit wat deur sonde onklaar, en gebroke, en sieklik, en skadelik geword het heel, en lewend, en genesend, en florerend. Dalk sou ons genade daarom ook as 'n anti-virus tot die sondevirus kon beskryf; 'n teen-gif vir die sondegif. 'n Grendeltoestand en sosiale distansiering is nie genoeg nie. Niks minder as 'n pandemie van genade is nodig om die pandemie van die sonde teë te werk nie.

Tog, waarsku Schleiermacher, sou ons 'n fout maak om te dink dat genade doodeenvoudig die sonde vervang. Ons bly immers, in Martin Luther se woorde, *simul iustus et peccator*. Ons is gelyktydig geregverdigde én sondaar. Ons is terselfdertyd vrygespreek én aanspreeklik. Ons is diegene wat gelyktydig geïnfecteerd is deur genade én sonde. Om begenadig te wees beteken nie om nie die sondevirus onder lede te hê nie. Begenadigdes is nie sondeloos nie. Ons toets nie negatief vir sonde nie.

Waarvoor ons egter wel (ook) positief toets is die virus van genade. Die individuele en kollektiewe genadetoestand is vir ons moontlik, skryf Schleiermacher, weens Christus. Juis daarom is die kerk 'n genadegemeenskap. Die DNS van die kerk is genade. Die aard van ons kerkwees, die tekstuur van ons verhoudings met mekaar, word gekenmerk deur God se liefdevolle self-oorgawe aan die kruis. In die vleeswording, kruisiging en opstanding van Jesus Christus word 'n gemeenskap van begenadigdes gebore. Dalk sou ons dan ook sê dat die kerk nie (net) genadebesmet is nie, maar in haar grein en genetika geken (behoort te) word aan Godsgenade.

Mag ons in hierdie moeilike dae vashou aan die troos dat Jesus Christus, wie se teenwoordigheid en aanraking ons die virus van genade laat opdoen, ons nooit sal los nie.

► Dr Nadia Marais doseer *Sistematiese Teologie* aan die Universiteit Stellenbosch.

“Die DNS van die kerk is genade.”



NUWE
stemme

Covid-19: Geleenthede én ongemak van 'eredienslose' tyd

DIETER DE BRUIN

Tydens hierdie pandemie stel ons nie erediens af nie. Ons het juis in hierdie tyd die geleentheid om die evangelie uit te dra op 'n kreatiewe manier – 'n sentiment wat mens dikwels in hierdie tyd hoor. Op sosiale media en ander platforms word erediens digitaal gestroom. Dit gaan gereeld gepaard met kreatiewe voorstelle oor hoe die erediens tuis gevier kan word.

Maar wat as ons vir mekaar sê dat ons in hierdie tyd wél erediens afgestel het?

Hoe dan so? Die Woord word verkondig, daar word gebid, gesing en selfs dankoffers gegee. Ofskoon hierdie eg en inspirerende insette van onskatbare waarde vir gelowiges in 'n krisistyd is, kan dit nog nie noodwendig as erediens-

te beskryf word nie.

Wat presies maak dan van 'n erediens 'n erediens?

Hierdie vraag sou mens op verskeie maniere kon antwoord, maar een moontlikheid sou wees om te sê dat die erediens die plek is waar God se mense biddend rondom die doop, die Bybel, en die nagmaalstafel byeenkom. Die onlosmaaklike samehang van hierdie elemente was – en is vir die grootste gedeelte van die Christelike tradisie nie eers 'n kwessie nie. En hoewel mens dalk sou wou aanvoer dat die nagmaal byvoorbeeld digitaal gevier kon word, aanvaar ons hier vir 'n oomblik dat die eenheid tussen Woord en sakrament nie virtueel bemiddel kan word nie.

Wat bereik mens dan deur so oënskynlik negatief te wees in 'n reeds uitdagingende tyd vir die kerk?

Ons het pas 'n vreemde, gestroopte lydenstyd en Pase ondergaan. Die vervlegtheid van gebrokenheid en heilheid, kruis en opstanding kan ons die moed gee om die werklikheid in die oë te kyk. Miskien is deel van die pyn wat ons nou moet verwerk dat ons, vanuit 'n sekere perspektief, nie erediens kán vier nie.

Liturgie van die lewe

Hierdie grendeltyd gee geleentheid vir kritiese refleksie oor die wêreld waarin ons leef en ontleders begin reeds nadink oor hoe die wêreld anders gaan lyk (en reeds is). Deur ten volle die ongemak van hierdie (eredienslose) tyd te betree kan ons help om met dringendheid die vanselfsprekendhede van ons liturgiese lewe te bevraagteken en om met erns na te dink oor hoe ons erediens ná die in-

perking kan lyk.

'n Kleinood wat gedurende hierdie tyd herontdek is, is die “liturgie van die lewe” wat veral ook in huishoudings ontwikkel en gekoester kan word. Mag die kreatiewe werk op hierdie terrein van krag tot krag gaan.

Die pyn van hierdie tyd kan ons egter ook moeilike vrae laat vra oor die “virtuele” aard van ons erediens vóór die grendeltyd – erediens hoofsaaklik gefokus op die preek, die musiek, en natuurlik die skerm.

Dalk sal hierdie tyd ook 'n klaagkreet in ons laat groei: hoe op dees geliefde aarde is dit moontlik dat toe ons kón, ons Sondag na Sondag laat verby gaan het sonder om die Liggaam van Christus in ontvangs te neem?

► Ds Dieter de Bruin is predikant by NG Gemeente Pretoria-Faerie Glen.

Talle gelowiges se kreatiwiteit het behoorlik ratte verwissel die afgelope maande en hieronder publiseer *Kerkbode* een van die gewildste aflewings van die digitale “aftelkalender” wat Bybel-Media vir grendeltyd ontwikkel het. Vir agtergrond oor hierdie projek, inligting oor wie betrokke was, sien die info-boksie onderaan bladsy 9.

Oggendgebed

Begin jou dag met hierdie gebed.

'n Gebed vir Christene tydens afsondering

Here Jesus Christus, Seun van God, soos U een is met die Vader en die Heilige Gees, is U ook een met ons elkeen. Ons bely en verkondig nou ons diep en volkome eenheid met U.

(Stilte)

Laat u wil geskied.

Amen.



Oordenking

Lees hierdie teksuitleg vir die dag.

Geliefdes, ons moet mekaar liefhê, want liefde kom van God, en elkeen wat liefhet, is 'n kind van God en ken God – 1 Johannes 4:7.

Daar is 'n ou legende oor iemand wat die hemel en die hel besoek het. In die hemel én in die hel was daar tafels wat met allerlei heerlike kossoorte gedek was. Die probleem was egter, op albei plekke was die enigste beskikbare eetgerei lepels wat langer as 'n mens se arm was. Gevolglik kon niemand die self kos in hulle mond kry om daarvan te geniet nie. Die besoeker het egter opgemerk dat almal in die hemel versadig was, maar in die hel was almal uitgeteer. Waarom? Omdat almal om die tafels in die hemel mekaar gevoer het.

Dié legende verwoord een van die wesenskenmerke van die Christelike lewe: Ons leef nie ter wille van onself nie. Ons leef ook nie net ter wille van ander nie. Ons kan ander immers dien sonder om in 'n ware verhouding met hulle te staan. Die wesenskenmerk van die Christelike geloof is dat ons in 'n opregte liefdesverhouding met mekaar leef. En hierdie verhouding impliseer die vermoë om liefde te kan gee én liefde te kan ontvang.

In die volgende paar dae gaan ons elke dag by 'n ander aspek van dié wederkerigheid van ons geloofslewe stilstaan deur die verskillende mekaar-opdragte in die Nuwe Testament saam te lees.

Vader, leer my om ander in liefde te dien. Help my ook om die liefde van ander te aanvaar. Amen.

Liturgie van die lewe

Sien die gewone dinge wat jy in en om die huis doen as tekens van God se omgee.

In hierdie tyd van groot onsekerheid is daar een ding wat ons verseker weet: Vir die volgende 21 dae gaan ons baie tyd saam met ons huismense deurbring. Dit gee ons dalk die tyd om 'n paar nuwe huisgewoontes te skep en op hierdie manier vir God in die gewone te sien en te ervaar. Tish Harrison Warren skryf: “We are shaped every day, whether we know it or not, by practices – rituals and liturgies that

make us who we are. We receive these practices – which are often rote – not only from the church or the Scriptures, but from the culture ... The question is: What kind of Christian is our liturgy forming us to be?” Deur nuwe gebruike of gewoontes te vestig (wat Harrison Warren 'n liturgie vir die lewe noem) kan ons moontlik ons verhouding met God en ons medemens versterk.

Die tyd in kwarantyn gaan vir jou en jou huis baie geleenthede gee om saam te eet. Etenstyd kan werklik hemels wees ... of bitter onaangenaam.

Voorbiddingstasie

Gebruik hierdie simbool om jou gebed te rig vir die dag.

Simbool: 'n Pleister

Instruksies:

- Skep 'n gebedstasie waar jy elke dag 'n kers kan aansteek as jy bid.
- Plaas die simbool van die dag langs die kers om jou te herinner vir wie jy

vandag kan bid.

Ons bid vir dokters, verpleegsters, hospitaalpersoneel en paramedici wat sorg vir mense wat met die koronavirus geïnfecteer is en in klinieke en hospitale oor die wêreld heen opgeneem is.

Ons sê dankie vir almal wat opgelei is en die kennis en vaardighede het om siek mense in hierdie tyd van 'n pandemie te versorg.



Dankies en getuïenisse

Leonard Cohen, die legendariese Kanadese digter en musikant, skryf in sy lied “Anthem” (1992):

There is a crack, a crack in everything That's how the light gets in.

Cohen verduidelik in 'n uitsonderlike onderhoud dat niks perfek is nie. Nie jou verhoudings nie, nie jou werk nie, nie jou liefde vir God of jou liefde vir jou familie of jou liefde vir jou land nie. Niks nie. “Die lewe is onvolmaak.”

Meer nog, daar is 'n kraak in alles. “Maar dit is hoe die lig inkom, en dit is waar die opstanding is.”

In donker tye is dit belangrik dat ons vir mekaar sal wys waar die Lig deurbreek. Waar die opstanding plaasvind. Waar God te midde van angstigheid en onsekerheid aan die beweeg is.

● Ons nooi jou nou om notas in 'n joernaal te maak oor alles waarvoor jy dankbaar is vandag.

● Dalk wil jy ook jou getuïenis van God se sorg en goedheid vir ons stuur.

Deur hierdie soort doodgewone handelings nuut te benader, kan jy en jou huismense mekaar dien met julle teenwoordigheid en ondersteuning en só uitdrukking gee aan Jesus se opdrag om mekaar lief te hê.

Daar is 'n Afrikaanse uitdrukking wat sê: “Die tong is langer as die arm.” Wat dit wil sê, is dat dit makliker is om iemand te vra om iets vir jou aan te gee as om jou hand ver uit te strek en dit self te probeer kry. Begin hierdie 21 dae se kwarantyn dan saam om tafel. Sit so ver moontlik van mekaar af, afhangende van die grootte van die tafel.

Sit alles wat julle wil eet in klein bordjies, versprei oor die hele tafel, sodat jy vir die ander by jou moet vra om jou te help om die eetgoed in die hande te kry om só jou eetgoed op jou bord bymekaar te sit. Vra dan vir mekaar hoe julle mekaar in hierdie tyd van kwarantyn kan help. Wat het jy in hierdie tyd nodig van die mense met wie jy jou leefarea deel? Skryf hierdie versoeke neer en sit dit teen die yskas op.

Ons gaan mekaar nodig hê om hierdie tyd te oorleef. Kom ons erken ons afhanklikheid van God en van mekaar.

Kinderaktiwiteit

Pret vir jou en jou kinders.

Sjoe! 21 dae van afsondering. 21 dae waarin ons eintlik net in ons huis (of tuin) mag wees en net vir die nodigste dinge soos kos of mediese behandeling mag uitgaan. Dit kan

nogal 'n rowwe tyd wees. Al die dinge wat normaalweg in 'n dag gebeur, soos skool, sport en eredienste, gebeur nou nie meer nie. Dit kan 'n mens deurmaak en ook verveeld laat voel. Hierdie dagstukkies sal ons help om steeds elke dag op 'n kreatiewe en lek-

ker manier tyd saam met Jesus deur te bring. Jy kan hierdie dagstukkies op jou eie doen, saam met jou boeties of susters, of sommer saam met jou hele huisgesin. Vra een van die grootmense in die huis om elke dag jou aktiwiteit op Facebook te deel sodat almal dit saam met jou kan geniet. Merk dit met #afsonderingskalender #saamkerk

Geliefdes, ons moet mekaar liefhê, want liefde kom van God, en elkeen wat liefhet, is 'n kind van God en ken God – 1 Johannes 4:7.

God se storie met die mens begin by liefde. Deur die hele Bybel lees ons hoe lief God ons het. Liefde is amper soos God se kenteken, want soos ons in die vers hierbo lees, kom liefde van God af. Jesus stuur ons, sy verteenwoordigers, nou ook uit om ander mense lief te hê.

- Wat beteken liefde vir jou?
- Hoe kan jy ander mense liefhê in hierdie tyd van afsondering?

Aktiwiteit

● Teken 'n reënboog of druk die aangehegte prentjie van 'n reënboog uit en kleur dit in. As jy klaar is, plak jou reënboogprentjie in 'n venster in julle huis op sodat mense die reënboog van die straat af sal kan sien.

Die reënboog is 'n kenteken van God se belofte en 'n teken van hoop aan ons. (Waar in die Bybel lees ons van 'n reënboog?) Oor die wêreld heen plak mense nou in die Covid-19-tydperk prentjies van reënboë in hulle huise se vensters op sodat almal wat dit sien, kan onthou dat ons lief is vir mekaar en aan mekaar dink in hierdie tyd.

● As jy lus is vir nog 'n aktiwiteit, ontwerp 'n kenteken (wapen) vir julle huis, amper soos jou skool se wapen. Nooi almal in die huis om te help.

Sorg dat die opdrag "ons moet mekaar liefhê" iewers op julle wapen sigbaar is om julle te herinner dat liefde God se kenteken is.

Gebruik die voorbiddingstasie om saam te bid.



Kreatiewe gebed

Kleur prent hier langsaan in en dink na. (Instruksies onder die prent beskikbaar)

Die mense vir wie ek lief is

Dit is die mense aan wie jy in hierdie tyd baie dink. Dit is die mense wat vir jou lief is en wat vir jou baie beteken, of mense wat nou jou liefde en gebede nodig het.

INSTRUKSIES

- Kies jou kunsmateriaal, soos kleurpotlode, kleurpenne en koki's. Enige van hierdie dinge kan werk.
- Kleur die prent in.
- Dink na oor die mense aan wie jy in hierdie tyd baie dink. Skryf hulle name neer op die oop spasies in hierdie prent, soos die groot sirkels, die vlaggies en sommige van die groot blare. As daar te veel name is, skryf meer as een naam in 'n oop spasie neer, of sommer net waar jy 'n plekkie op die prent kry.


WENKE

- Kies nie meer as vyf kleure nie. As jy onseker is oor watter kleure om te ge-

bruik, haal al die kleure uit en pak dit op die tafel. Maak jou oë toe en tel vyf op.

- Jy kan eers die mense se name neerskryf of eers die prent inkleur, nes jy verkies.
- Dit sal dalk vir jou makliker wees as jy die spasies waar jy die name kan neerskryf eers nie inkleur nie, of net die rande daarvan inkleur.
- Moenie halfpad ophou nie, veral nie as die rede hiervoor is dat jy dink jou prent lyk lelik nie. Dit is juis die doel van die oefening – om jou aandag weg te trek van onnodige gedagtes soos "Doen ek dit reg?" en jou aandag eerder te fokus op die mense vir wie jy lief is.
- Wanneer jy die prent klaar ingekleur en die mense se name neergeskryf het, sit die prent neer op 'n prominente plek in die huis, soos in jou kamer of teen die kombuismuur, om jou te herinner aan hierdie mense terwyl ons nou 'n tyd van isolasie ingaan.

Oorweeg dit om jou prent op sosiale media te deel en te merk met #afsonderingskalender #saamkerk



Aftelkalender bied oordenkings, gebede, getuïenisse

KiesKerk se Aftelkalender het deur grendeltyd gewerk met 21 "mekaar"-Bybeltekste (bid vir mekaar, vergewe mekaar, dra mekaar se laste, en so meer). "In hierdie tyd is dit soveel te meer van belang dat ons nie van 'mekaar' sal vergeet of van mekaar vervreem sal raak nie," het dr Nico Simpson, die sameroeper van die projek, gesê. "Die voorstelle van elke dag help gelowiges, groot en klein, om te glo en 'mekaar' lief te hê," aldus Simpson. Medewerkers aan hierdie projek sluit in: Edwin Arrison, Alexander Clark, Luane Buys, Siegfried Louw, Marius Nel, Francine Prins, Annelet Slazus, Aletta Simpson, Ewald van Rensburg, Luané McLachlan, Elzanne van der Westhuizen en Nina Müller van Velden.

Koronavirus: In die voorste linies

Terwyl 'n groot gros Suid-Afrikaners daaglik die binnekant van hulle huis nog beter leer ken, is daar talle mense wat blootgestel voortgaan met hulle werk en hulle deel in die koronastryd doen. 'n Tehuisbestuurder, 'n supermarkwerknemer en 'n dokter het vir CONETTE LE ROUX 'n kykie gegee in dit waarmee hulle sedert grendeltyd besig is.

'Bejaardes hanteer die situasie met grasia'

Ons pas steeds so ver moontlik sosiale afstand toe, maar hoe versorg jy 'n verswakte inwoner op 'n afstand?"

So vertel Yvonne Booysen oor hulle uitdagings in 'n e-pos vanuit Silwerkruin-tehuis op Wellington waarvan sy die bestuurder is.

Terwyl talle Suid-Afrikaners tuis moet bly in grendeltyd, werk die personeel van Silwerkruin, soos die meeste tehuise landwyd, onverpoos voort. Hulle grootste prioriteit nou is om hulle inwoners koronavry te hou.

Yvonne vertel sedert 26 Maart 2020, toe president Ramaphosa 'n noodtoestand afgekondig het, is Silwerkruin gesluit vir besoekers en mag inwoners nie die perseel verlaat nie.

"Skielik was ons gebombardeer met inligting vanuit alle oorde oor operasionele standaarde en werkwyses waaraan voldoen moet word. Protokolle moes opgestel word teen die spoed van lig. Inwoners, personeel en familie moes ingelig word oor die plan van aksie. Ons is intens besig en beslis nie met ons normale pligte nie," sê Yvonne.

Volgens Yvonne vind personeel-siftingstoetse daaglik plaas voordat personeel toegelaat word om aan diens



Yvonne Booysen (links) voor grendeltyd se "social distancing" ingeskoop het.

te kom. En daar is maatreëls in plek gestel wat inwoners en familie in staat stel om via telefoon- en video-oproep kontak met mekaar te behou.

Daaglikse uitdagings wissel van die ontsmetting van medikasie, kos en ander voorrade wat hulle tehuis binnekom tot aandag wat geskenk moet word aan die psigologiese impak wat die situasie op inwoners het, sê Yvonne.

Die moeilikste, vertel Yvonne, is

egter vir haar om kontak tussen baie siek of terminale inwoners en hulle familie, sonder fisieke kontak, te bewerkstellig.

Maar "die innerlike krag van ouer persone" maak haar nederig en gee haar krag om elke dag met positiewiteit voort te gaan, vertel Yvonne.

Yvonne brei uit: "Dit stem my nederig om te aanskou met hoeveel grasia hulle hierdie moeilike situasie hanteer. Die oorgrote meerderheid gaan

onversteurd voort met hulle lewe. Daar is 'n groep wat help met huishoudelike take. Ons koperware is met Brasso blink geroep, handreings word 'n paar keer per dag met ontsmettingsmiddels afgewas en suiker, meel, vullissakke en seepoeier word in kleiner pakkies verpak. Daar is 'n groepie wat middag help met die bak van koekies, muffins en Paasbolletjies wat saans om 20:00 by tee bedien word om te vergoed vir lekkernye wat tans nie van familie ontvang word nie."

Goeie Vrydag, sê Yvonne, was vir haar "n baie spesiale ervaring". "Ds Bol Botha, 'n inwoner, het vir ons voor middagete 'n boodskap in die eetsaal gebring waar hy en die Bester-egpaar die leë graf en kruise in 'n rangskikking uitgebeeld het. Geen besige langnaweek nie. Dit was rustig, afgesonderd, die atmosfeer byna heilig."

Intussen stop almal by Silwerkruin elke oggend om 11:00 met dit wat hulle doen vir stil gebed.

"Elkeen bid vir dit wat op sy hart lê, vir ons wêreld, land, dorp en vir Silwerkruin. Dit was 'n inisiatief vanaf die personeel wat ek graag wil voortsit na Covid-19. Lesers wat in die gees by ons wil aansluit, is welkom," nooi Yvonne.

'Dankbaar én bang'

Die dag voor nasionale inperking het Bernard Jarare 40 jaar oud geword. Terwyl hy sakke vol kruidentersware in my kattebak laai, vertel hy dat dit beslis die "vreemdste" verjaardag van sy lewe is. Maar, sê hy, ten minste het God dit reggekry om almal te laat "stil en rustig" raak.

"You don't see anything about wars or violence on television anymore. Everything is about the coronavirus," vertel Bernard terloops.

Sowat vier weke later help Bernard, beveilig met sy swart gesigsmasker, weer fluks om my gesin se kosvoorraad in my motor by Pick n Pay te kry.

Bernard, oorspronklik van Zim-

babwe, sê dat hy baie dankbaar is dat hy steeds kan werk omdat hy tans die broodwinner vir 'n familie van ses mense is. Na 'n dag se werk wag sy vrou Barbara, twee seuns Creig en Collins, en sy broer Tarirayi en suster Nyari tuis.

Maar dan is daar die vrees wat die meeste essensiële werkers met gesinne ervaar. "My biggest fear is to be infected with the virus and not see my boys grow up," deel Bernard, wat die afgelope sewe jaar by Pick n Pay werk.

Intussen gee sy familie en vriendelike klante by die supermark hom die krag om elke dag met positiewiteit voort te gaan, sê hy met 'n glimlag voor hy terugstap om nog 'n persoon te help.



'Suid-Afrika is al deur meer as Covid'

Vra jy 'n dokter wat daaglik blootgestel word aan die koronavirus wat sy grootste vrees is, is sy antwoord eenvoudig.

Want as hy na 'n dag se blootstelling die hospitaal verlaat, wag 'n opgewonde kleuter vir hom by die huis.

"Ek het 'n 3-jarige en my vrou is 35 weke swanger. Natuurlik is dit my grootste vrees om dit huis toe te bring," vertel Le Roux van der Merwe na hy die afgelope 24 uur op roep was by Groote Schuur-hospitaal in Kaapstad.

Hy spesialiseer tans as internis en sy dagtaak behels onder andere om pasiënte wat positief vir Covid-19 getoets het, te behandel.

Voor Le Roux vanoggend by sy huis ingegaan het, het hy eers sy klere in sy garage uitgetrek en in die wasmasjien gegooi. Dan is dit reguit stort toe, vertel hy. "Ek gaan met 'n skoon stel klere werk toe en trek teaterklere daar aan. Na my skof trek ek weer my 'skoon' klere aan. Dit is nou behalwe om heelyd maskers by die werk te dra en heelyd my hande met alkohol en seep te was. My vel is al soos 'n bokkom uitgedroog."

Le Roux verduidelik dat niemand nog presies weet hoe die verspreiding van die koronapandemie gaan uitspeel nie, omdat Suid-Afrika tans in die "gemeenskapverspreidingsfase" is.

"Dinge word op hierdie stadium maar dag vir dag gevat. Dit is maar deurmekeer om 'n sisteem in plek te kry wat werk, siende dat niemand nog weet wat ons te wagte is nie. Tans help baie van ons in die sale waar ons Covid-positief bevestigde pasiënte het, maar die groter probleem is dié wat nog verdagtes is en getoets is/ getoets moet word. Hulle syfers neem tans baie toe omdat ons in die gemeenskapverspreidingsfase is. So heeldag gaan oor mense toelaat en om so vinnig moontlik uitslae te kry en dan 'n plan volgens die uitslag te maak," sê Le Roux.

En, soos talle Suid-Afrikaners, is hy ook bekommerd dat ons gesondheidstelsel nie die kapasiteit sal kan dra as die aanvraag te hoog raak nie.

Boonop staan "Covid in die ry agter MIV en tuberkulose", meen Le Roux.

Maar hy het steeds hoop.

"Ons as Suid-Afrikaners is al deur meer as Covid-19. Ons het genoeg intelligente mense en die wilskrag om dit te oorkom. En dit gee my hoop om te sien hoe almal by die werk planne maak en saamwerk om dit te oorkom," vertel Le Roux.



Michael Mol 'aanlyn' in Covid-stryd

Michael Mol, dokter en televisiepersoonlikheid, sê dat hy wel nie in die voorste linies die koronapandemie bestry nie, maar dat hy dit aanlyn probeer doen.

"Hello Doctor", die telemediese diens waarvan Michael die uitvoerende hoof is, lewer sedert grendeltyd aan alle Suid-Afrikaners 'n gratis diens wat deur die mediese fonds Momentum befonds word.

"Die hullyn is in vyf tale beskikbaar en dokters bel pasiënte terug wat beteken daar is geen koste vir enige Suid-Afrikaner nie. Ons het 'n klein weermag van vrywillige dokters wat daarop fokus om mense te help om Covid-19 tuis te bestuur. Dit is hoe ons die pandemie beperk, die kurwe probeer afplat om seker te maak dat Covid-19 nie ons gesondheidstelsel en land verwoes nie," verduidelik Michael.

Michael vertel hy is daaglik besig om met die regering te skakel asook om seker te maak die diens volg die jongste regulasies. Verder, sê Michael, is hulle besig om die diens ook na WhatsApp te omskep.

● Die gratis hullyn: *120*394#

Dominee Quasimodo se kerkklok-avonture

My grendelstaat-avonture in Blancogemeente, George se kerkgronde en kerkoring. Deur FRANCOIS MULDER.

En daar word goeie gereformeerde dominees oornag YouTube- en TV-predikers met getroue “followers” en “subscribers” wat geleer het van klik, stream, like en Joetjoep.

Jou 20-jarige seun, in plaas van by Universiteit Stellenbosch se Huis Visser, is vasgekeer by sy pa, ma en matrieksuster. Hy word jou amptelike videograaf en Youtube-konsultant. “Action!” weerklink dit deur die leë kerkgebou. Na 15

minute van jou preek opneem, beduie hy na sy horlosie. Jy maak of jy hom nie sien nie en preek lustig voort vir nóg 15 minute. Dié keer sê hy nie soos na julle eerste preekopname twee weke gelede, “Well done, Dad!” nie. Millennials en hulle aandagspan!

Ewe skielik is ek en my kollegas – Cornie en Ferdi – bedrewe Zoomers wat ons weeklikse beplanning- en saambidsessies aanlyn hou soos

wafferse besigheidsmanne. Hier in Blanco is ons egter nog fibre-loos en soms stotter die gesprekke.

Kyalami

My vyf-dae-per-week oefenroetine word ’n pastorie-en-kerkgronde-avontuur: Ses rondtes met die 7de soos rondom Jerigo se mure met musiek (natuurlik “Chariots of fire”) en ’n gesnak na asem. Na die 10de dag se oefen, doop ek elke kurwe en draai van die roete met ’n naam à la Kyalami:

Eers gooi ek esse by “Pastoriesirkel”, waarna ek verby die “Gedenkmuur” draf. Die “Konsistorietrappe” word drie maal op en af gedoen, gevolg deur ’n omdraai by die “Kerkkantoor T-aansluiting”. Die “Kuierearea Culd-sac” en “Jeuglokalehoek” word gevolg deur “Eevee-Draai”, vernoem na ons Maltese poedeltjie se *deur-die-kerk-pallisade-weghardloop* vroeër die week. Die “Kleuterkerk-Klimraam-Uitdaging” volg nadat jy by die “Nuwe Byenes” verby is. Die verste hoek van die roete noem ons “Boom-van-die-Lewe-halfwegstasie”, want onder dié boom gaan ons nog piekniek hou. Hierna volg “Kyalami-pylvak” se 50 treë verby die kerkgebou se voordeuringang en dan op en af by “Kruishoogte”.

“Lover’s Lane” is waar ek en my vrou stop om mekaar elke rondte ’n drukkie te gee. Van hier af is dit terug na die kuipe by “Pastoriesirkel” – rondte 1.

A wedding and three funerals

’n Troue, geskeduleer vir die Saterdag ná die lockdown begin, word inderhaas vervroeg na die Woensdag, met die gastelys wat skielik vanaf 72 na 16 verminder. Ons kom bymekaar in ’n bos bokant Heatherlands in George langs ’n boom wat my laat dink aan die flik *Avatar*. Daar’s alkohol-handreiniger en ’n paar gaste dra maskers. Die bruidspaar gaan saam lockdown, dus met die “you may kiss the bride” laat die bruidegom geen sosiale afstand tussen hom en sy bruid kom nie. ’n Ander troue wat op Paasnaweek se stil Saterdag sou plaasvind, word noodgedwonge uitgestel.

Tydens die eerste 21 dae van inperking moet ek drie dankdienste hou vir gemeentede wat sterf (nié agv die virus nie.) Met familie en vriende versprei regoor die land, is daar baie twyfel oor wat die beste vir almal sal wees. Twee van die drie dienste vind virtueel plaas: Ek neem ’n 15 minute dankdiens op wat via WhatsApp wêreldwyd versprei word aan familie en vriende om op ’n spesifieke dag en tyd saam te luister. Die an-

der dankdiens vind plaas by George se begraafplaas waar ons saam met emeritusdominee Stoffel Buys sy vrou Ralie groet na ’n huwelik van 61 jaar. Ons almal skryf ons name en ander besonderhede op AVBOB se vorm, ter wille van die SAPD. Wanneer oom Stoffel ná die preek gehelp word om blomme op haar kis te sit, salueer hy haar. Ek behou my afstand deurentyd, totdat oom Stoffel my nader wink en sy hand uitsteek om my te bedank. Hy het ’n blou plastiekhandskoen aan. Ek vat sy hand en herhaal in my gedagtes die woorde “moenie aan jou gesig vat nie, moenie!” Een van die kleinseuns, wat vroeër deur sy selfoon gekoppel aan ’n 30 cm speaker “Die oorwinningslied” gespeel het terwyl die kis gesak het, is besig om my en oom Stoffel af te neem op video. Skielik trek oom Stoffel my nader vir ’n omhelsing. Die kleinseun se video behoort dit duidelik te wys: Iemand vasgekeer in ’n onmoontlike situasie. Die president sê moenie, jou pastor-hart sê JA! En jy kan jouself nie keer nie en gee voluit ’n troos-druk aan een van die Here se spesiale seuns.

Terug in jou *made-in-China* voertuig vat jy twee spuite van die alkohol-handreiniger.

Kerkklok

Dan besluit die Ring van George (vyf George-gemeentes: Moedergemeente, Blanco, George-Suid, Tuinedal en Outeniqualand plus Uniondale en Herold) om op Opstandingsondag om 10:00 die kerkklokke vir drie minute in oorwinning te laat beier. Maar die grendelstaat-wetgewing is baie duidelik: Slegs inwonende werkers en leraars mag die kerkgronde en geboue betree. Montagustraat 31 in Blanco is reeds vir 13 jaar my en my gesin se pastorietaal. Ons deel een groot erf met die kerkgebou. Dus, regstegnies bly ons op die kerkgronde. Maar, onthou ek skielik, ons kerkklok is die laaste jaar doodstil. Sedert die kerkklok tydens die vorige beurtkragstrik ’n volle meter geval het uit haar skarniere tot op die toring se boonste verdieping, gee sy moeilikheid. Sy dra ’n geboortemerk wat lees “AD 1973” en is van Europese afkoms. Oom Martin Weideman, tannie Annetjie, een van ons lidmate se oorlede man, het die kerk en toring gebou en die klok geïnstalleer. Sy is gemonteer as deel van die 1 ton boonste deel van die kerkoring, in 1975. Oom Martin het dit opgesit met nét steierwerk en toue. Ek sien die kerkgebou se hoeksteen is op 12 Oktober 1974 gelê deur ds JR Müller.



“Hierna volg ‘Kyalami-pylvak’ se 50 treë verby die kerkgebou se voordeuringang,” skryf Francois Mulder oor die Blanco-gemeente in George se kerkgrond wat sy nuwe drafroete geword het.

Foto’s: Francois Mulder



Francois se grendelstaat-Strava-roete.



Bo en regs: Francois moes Paasfeesoggend verskeie lere bestyg om bo by die kerkklok uit te kom. Dis nadat die Ring van George besluit het om op Opstandingsondag om 10:00 al die gemeentes se klokke vir drie minute moet laat beier.

Maar terug by die klok se moeilikheid: 'n Paar jaar gelede het die kontrakteur gespog dat die herstelproses blitsvinnig sou wees. Maar toe die koster die eerste Sondag weer wegtrek met sy toutrekkery, gee die klok net een kwaai ghong-geluid en weier volstrek, voete in die lug, om verder saam te speel. Deesdae gee sy wel haar teësninnige samewerking, maar sy klink nie meer soos in haar astrante, uitbundige jeug nie. En toe breek die tou – 'n ellelange kabel vanaf die klok na die toring se grondvlak. Intussen word sy omring deur selfoonmaatskappy-kontrêpsies wat haar *claustrophobia* gee. Sy word doodstil, tot 12 April 2020.

Paasfeesoggend is ek slag gereed om die toring via verskeie lere te bestyg. Ek wil eers die klim en luiery *livestream* op Facebook, maar onthou weer Blanco se agterspeen-suigery as dit kom by wifi. Ek besluit om die op-tog via iPhone te verewig vir die nageslag. Alles loop seepglad totdat ek my kop deur die opening by die 3de verdieping van die toring steek. 'n Woeste gefladder laat my byna afval na benede, maar ek hou my balans en sien vreemde vlerke op en af flap. Dit is 'n verskrikte nonnetjiesuil wat broei op haar ses eiers. Sy sien uiteindelik in my oë dat ek 'n vrede-liewende Quasimodo is en laat my toe om versigtig by haar verby te klim na bowe. Na die 50 ste leertrap is ek bo, maar dis *tricky* om myself finaal met my arms op te tel tot bo.

Wát 'n uitsig! Die Outeniquaberge in Oudtshoorn se rigting, Heroldsbaai en Glentana se see in Mosselbaai se rigting. Tienuur slaan en ek laat die klok voluit die goeie nuus van Jesus se opstanding uitbeier. Drie minute lank, linkerswinger in my linkeroor omdat ek oorproppe vergeet het, lui ek die Paasfeesklok met my regterhand.

45 jaar ná haar eerste inwydingsghonggeluid roep sy te midde van 'n wêreldwye krisis uit: Die dood is oorwin, die graf is léég, Jesus lééf!

Skielik is alles weer stil, maar my gemoed voel skoon, al tuit my regteroor met 'n dowwe ghong-geluid en voel ek 'n skeelhoofpyn aankom bo my linkeroog ...

Op ons Ring-van-George WhatsApp-groep skerts die Quasimodo-dominees ná hulle klokluery:

“My skouer het na 2 minute *geloek!*”

“My hande het blase op ... ons koster se fooi sal na dese verhoog word!”

“My dogter vra of die Ring kan goedkeur dat die klokke nét 1 minuut lui op Sondag om 10:00.”

“Julle is almal te lank in *lockdown!*”


Maar my 23-jarige pasgetroude seun het die beste opmerking van almal:

“Laat die uiltjie die klok in die vervolgt lui. Sy is klaar ‘opgelui’ vir die pos aangesien sy 'n non is!”

► *Ds Francois Mulder is een van drie leeraars by die NG gemeente Blanco op George.*



“Wát 'n uitsig! Die Outeniquaberge in Oudtshoorn se rigting, Heroldsbaai en Glentana se see in Mosselbaai se rigting,” sê Francois oor die uitsig wat hom begroet toe hy uiteindelik bo by die kerkklok kom.



Dink só kreatief oor oorgange

Anandie Greyling (regs) en Cas Wepener (onder) is die redakteurs van *Ongekaart* – 'n Bronboek met roetemerkers vir oorgange (Bybelkor, 2019), vanjaar se wenboek vir die Desmond Tutu-Gerrit Brandprys vir Debuutwerk. **CARIKE NOETH** het met hulle gesels.

Carike: Wat het julle laat besluit om hierdie boek saam te stel?

Cas: Toe ek 20 jaar gelede Ronald Grimes se boek *Deeply into the bone: Re-inventing rites of passage* gelees het, is 'n saadjie (droom) by my geplant dat 'n meer praktiese boek oor oorgangsrituele in Afrikaans eendag sal verskyn.

Anandie: Ek het my MDiv en MTh by Cas gedoen oor belydenisaflegging. Dit het in die rigting van oorgangsrituele beweeg en later 'n tema en passie van my geword. Cas het my genooi om saam te werk aan 'n Afrikaanse publikasie oor "ongekarteerde oorgange" na aanleiding van Grimes se boek.

Carike: Wat wil julle bereik met hierdie boek?

Anandie: Ons wou 'n bydrae maak om mense te kan begelei om sinvol deur oorgange te beweeg, maar ook bewus te maak dat daar meer oorgange in die lewe is as geboorte, volwassewording, vind van 'n maat of die dood (die tradisionele vier oorgange). Verder het ons doelbewus kenners op verskillende gebiede genader om 'n belangrike inlei-



dende hoofstuk te skryf (ons wou doelbewus nie net 'n liturgie/ritueel voorstel nie), asook hoe hulle so 'n liturgie/ritueel vanuit hulle ervaring sou benader.

Carike: Wie is julle teikengehoor?



Anandie: Aanvanklik predikante/ be-raders / jeugwerkers. Dit is ongekarteerde oorgange, maar definitief oorgange waarmee hulle te doen kry. Ons wou graag goeie teologiese en teoretiese kennis in die inleidende hoofstukke deel, maar veral kreatiwiteit stimuleer om hierdie oorgangsrituele en liturgieë sinvol te benader en begelei. Ek vermoed wel dat die individu vanuit verskillende hoofstukke ook baat sal vind, hetsy of hy/sy self deur die oorgang beweeg of dalk 'n geliefde het wat daardeur beweeg.

Carike: Hoekom is *Ongekaart juis in vandag se (Suid-Afrikaanse) konteks 'n relevante boek?*

Anandie: Mense gaan deur soveel verskillende oorgange. Oorgange waardeur almal ook nie noodwendig beweeg nie en wat nog ongekaart is. *Ongekaart* help

my byvoorbeeld om iemand te begelei deur 'n oorgang wat aan my onbekend is. Ek vermoed daar is ook meer ruimte vir verskillende oorgange as 'n paar jaar gelede, soos byvoorbeeld egskieding. Die ongekarteerde oorgange in die boek is ook aktueel en oorgange wat in vandag se tyd plaasvind: sluiting van 'n kerkgebou, werksverlies, miskrame en selfs die paartjies wat besluit om nie te skei nie en versoen.

Cas: Persoonlik glo ek dit was jare gelede al relevant, maar destyds kon prof Daniël Louw byvoorbeeld nie sy egskiedingsliturgie publiseer nie, al het mense geskei en was die behoefte dus daar. Dit is myns insiens baie jammer dat so 'n boek nou eers die lig kon sien, al was daar al jare lank hierdie behoeftes.

Carike: Enige persoonlike opmerkings oor die boek?

Anandie: Ons droom was dat mense kreatief oor oorgangsrituele wat ongekaart is sal dink, asook die waarde van oorgangsrituele sal raaksien. Hierdie is nie die enigste oorgange nie en die voorstelle in die boek is nie "set in stone" nie. *Ongekaart* as eindprodukt het my verwagtinge oortref en dit is te danke aan elke skrywer wat moeite met hulle bydrae(s) gemaak het.

► *Dr Carike Noeth is 'n navorsingsgenoot in Sistematiese Teologie by die Universiteit Stellenbosch.*

Taal wat onreg teenstaan

Die Suid-Afrikaanse teoloog Rachel S Baard (regs) is dosent by Union Presbyterian Seminary in Richmond, Virginia, in die VSA. Haar boek *Sexism and sin-talk: Feminist conversations on the human condition* (2019, Westminster John Knox Press) was vanjaar die wenner van die Andrew Murray-Desmond Tutuprys vir Teologiese Publikasies in 'n amptelike taal van Suid-Afrika. **MICHELLE BOONZAAIER** het met Rachel gesels.

Michelle: Wat het aanleiding gegee tot jou fokus op die kwessie van taalkonstruksies oor sonde?

Rachel: Al werk ek in die VSA, is my teologie gewortel in my ervaring van die skeuringe wat in Suid-Afrika veroorsaak is deur apartheid, patriargie en homofobie. Die wyses waarop hierdie strukturele sondes op allerlei teologiese maniere geregverdig is,

noop my om te soek na teologiese taal wat lewegewend is en nie onderdrukkend nie.

Michelle: Jou boek wys op die verband tussen sondespraak en geslagsgeweld. Hoe kan geloofsgemeenskappe geslagsgeweld aanspreek?

Rachel: Kerke moet selfondersoek doen oor die wyses waarop ons teologiese taal bydra tot geslagsgeweld: Die

idee van onderdanigheid van die vrou skep byvoorbeeld 'n kultuur van magsbeheer waarin geslagsgeweld genormaliseer word. Ons moet voorts 'n vorm van sondespraak ontwikkel wat ongeregtheid teenstaan en fokus op die idee dat God ook in ons aardse lewe die goeie vir ons gun.

Michelle: Wie het jou teologiese pad beïnvloed?

Rachel: Dosente soos Dirkie Smit op Stellenbosch en Mark Taylor en Nancy Duff by Princeton het 'n belangrike rol in my teologiese pad gespeel. Die feministiese teoloog Elizabeth A Johnson het my denke baie beïnvloed, veral in die wyse waarop sy beide skerp kritiek op en diep herwinning van die klassieke Christelike tradisie kombineer. Ek leer ook by 'n verskeiden-



heid ander teoloë, van Calvyn tot Tillich tot bevrydingsteoloë tot Joodse denkers, om aards en konkreet te bly in my teologiese werk.

Michelle: Wat sou jy vir jou jonger self wou sê?

Rachel: Moenie bang wees nie. Vertrou op God om jou pad te rig.
► *Ds Michelle Boonzaaiër is 'n programbestuurder by IAM Ministries en predikant in Brackenfell.*

Dogter help teks herleef

Wyle dr Nico Smith se boek *In Mamelodi het ek my God gevind* (heruitgawe 2018, Lux Verbi) was vanjaar die wenner van die Andrew Murrayprys vir Christelike Publikasies in Afrikaans. RETHIE VAN NIEKERK het met Maretha Laubscher, Smith se dogter, gesels. Maretha het haar pa se aanvanklike boek hersien en uitgebrei vir die 2018-heruitgawe.

Rethie: Wat het jou laat besluit om die heruitgawe te doen?

Maretha: My pa het in die laaste jare voor sy dood flink geskryf en sy lewensverhaal gedokumenteer. Twee van sy boeke, een oor die Broederbond en die ander *Mosaïek van mense*, waarin hy sy ontmoetings met verskillende mense wat hom beïnvloed het gedeel het, het voor sy dood verskyn.

Die derde boek oor sy belewenisse in Mamelodi het ongelukkig kort na sy dood in 2010 eers op die rak gekom. Dit het saamgeval met die dood van die uitgewer Hendrik Venter van Griffel Media en so is die boek nooit bekendgestel nie.

Ek het gevoel dat die boek se boodskap 'n leserskring behoort te vind, maar was nie by magte om veel aan die saak te doen nie. Gelukkig het 'n vriend, Coenie Nolte, 50 boeke vir 'n klein gehoor laat druk en een van die boeke het in Susan Jordaan van Lux Verbi se hande beland. Sy was dadelik gretig dat die boek herdruk word met

foto's en die toevoeging van 'n laaste hoofstuk om die afloop van die gebeure te beskryf en so het die nuwe weergawe ontstaan.

Rethie: Dink jy die kerk is nou meer gereed om die inhoud van die boek te hoor as voorheen?

Maretha: My pa was baie dankbaar dat hy 1994 en die eerste demokratiese verkiesing beleef het. Mettertyd het hy die ontkenningseffekte van mense wat die ongemak van apartheid wou wegpraat as 'n gevaar begin sien vir versoeningsgeleenthede in Suid-Afrika. Vergifnis is alleenlik moontlik met werklike berou, was sy standpunt. Hy het gevoel dat die NG Kerk daarin die leiding moes neem.

Hy het verwys na die Duitsers se onvermoë om te treur direk na die Tweede Wêreldoorlog. Hier in Suid-Afrika het hy gereken was dieselfde fenomeen besig om te gebeur.

Ons is, tien jaar na sy dood, steeds besig met die proses van verwerking.



SMITH (links) en Maretha Laubscher (regs) met hulle hond. Maretha het haar pa se boek hersien en uitgebrei vir die 2018-heruitgawe.



Vir sommige mense is dit steeds moeilik om apartheid as 'n "crime against humanity" te sien. Ek hoop dat my pa se verhaal die brutaliteit van die gebeure destyds sal help ontbloot en aan mense se hart sal klop om te sê: Nooit weer nie.

Rethie: Wat beteken dit vir jou dat die boek die prys gewen het?

Maretha: Erkenning. Erkenning dat wat my ouers (en ons as familie in die agtergrond) beleef het, nie 'n opge-

maakte storie was nie. Soveel van dit wat gebeur het of waarvan ons geweet het, was nie bekend nie. Mense wou ook nie weet nie. Voor my pa se dood het ek geleer om vroeg reeds in bekendstellings te sê dat my pa Nico Smith is om die ongemak wat gewoonlik gevolg het, verby te kry. Dit het mense kans gegee om of niks polities te sê nie of, getemper deur ordentlikheid, weg te beweeg van die "kommunis" se dogter.

Rethie: Wat is die belangrikste ding wat jy dink lesers vandag uit jou pa se verhaal moet hoor?

Maretha: Ek is bly dat die boodskap van versoening nou weer 'n kans kry. Gelukkig is daar 'n jonger geslag wat deur 'n ander lens na die wêreld kyk. Dalk is die boodskap iets wat hulle ter harte wil neem.

Rethie: Wat dink jy is jou pa se belangrikste nalatenskap?

Maretha: My ouers het die boodskap van aanvaarding en respek teenoor jou medemens uitgeleef. Deur in 'n swart woonbuurt te woon, het hulle in die voetspore van dié wat ly gestap. Hulle kon nie die omstandighede van hulle gemeentelede verander nie, maar hulle kon saam met hulle wees. Vir die gemeentelede was dit erkenning van hulle menswaardigheid.

► Dr Rethie van Niekerk is 'n leraar in Port Elizabeth.

Luister nou na Radio Kaapse Kansel

729AM

Jou Christelike gesels-radlostasie
in die Wes-Kaap



Dit is AM nie FM nie. Luister enige tyd, enige plek, van die Kaap tot in Hong Kong via ons slimfoon toepassing.

Adverteer jou besigheid op radio
kontak vir, Kosie Burger
kosie@kaapsekansel.co.za

Vir meer inligting:
021 917 7000
www.kaapsekansel.co.za
Info@kaapsekansel.co.za



VERSTAAN die Bybel

“Het U ons heeltemal vergeet, Here?”

FANIE CRONJÉ

Niks is meer dieselfde nie. Die ondenkbare het gebeur. Ons ekonomies-dominante en ekonomies-gedrewe globale dorpie het byna tot stilstand gekom. Byna al die rotte van die rotte-resies is in hulle gate gedwing. In vrye, demokratiese Suid-Afrika geld beperkende wetgewing erger as gedurende Apartheid. Die populêre, familiêre aanraak-kultuur van baie het 'n taboe geword. En die enigste mense wat glimlag is introverte en kubberruimte-verslaafdes. Dit is geen oordrywing om te sê dat ons bekende wêreld tot in sy fundamente geskud is nie.

Ou-Israël het in die jaar 587/586 vC ook beleef dat hulle wêreld tot in sy fundamente geskud is. Die ondenkbare het gebeur. Jerusalem is in puin gelê, die koning uit die geslag van Dawid is as 'n blinde, eerlose banneling weggevoer en

die Here se tempel is vernietig. Die lewe soos hulle dit geken het, is verby. Trouens, die volk Israel se Beloofde land het ná die opheffing van die Babiloniese ballingskap nooit weer dieselfde gelyk as vóór die ballingskap nie. So leer die Bybel en die geskiedenis ons.

Wat doen diegene wat na die Babiloniese vernietiging van Juda in Jerusalem en omtrekke te midde van puin, pyn, verlies en lewensbedreigende omstandighede moet oorleef? Ons kan aanvaar dat hulle omgesien het na mekaar. Wat egter uit hulle geskifte blyk, is dat hulle oor hulle omstandighede gekla het. Want sien, die Bybelse mense het ook soos ons, hulle wêreld georden. Destyds het almal geweet watter situasie vra om watter gedrag en optrede. By verlies, pyn, bedreiging en angs pas klaagliedere. En klaagliedere het hulle aangehef.

Die boek Klaagliedere met sy vyf liedere is ryk en lewensseg. Dit getuig van mense wat onder lewensbedreigende omstandighede met angs, verlies en rou in die reïne probeer kom. Die liedere is 'n eksistensiële uitdrukking van diep swaarkry en hopeloosheid. Die Judese gemeenskap is afgesny van hulle bestaansmiddele, hulle geliefdes en hulle plek van aanbidding. Daar word gesmag na uitkoms. Om van uitkoms te praat, is egter nie meer so maklik soos in die verlede nie. In krisistye word dit moeilik om op 'n oppervlakkige manier met vrae oor God se rol en die aard van sy betrokkenheid in sulke situasies om te gaan.

Die boek Klaagliedere begin met absolute trauma wat gepaardgaan met pyn, verlies en angs en eindig met iets anders as goedkoop genade of sekere

uitkoms. Selfs na die laaste lied is die digter nog nie seker of hy vorentoe op God kan reken nie. Êrens langs die pad, om die waarheid te sê in die middel van die boek (3:22-33), sê hy dat die Here se genade nooit tot 'n einde kom nie. Dit is elke môre nuut.

Die verwagting op uitkoms, so wil dit lyk, is vir die digter geleë in ervarings met God in die verlede. Tog vra hy steeds aan die einde, of die dag dat God hulle vir altyd verwerp, nie dalk aangebreek het nie? (5:17-22). Hoe dit ook al sy, Klaagliedere gee ons 'n eerlike beeld van hoe dit is om aan God te bly vashou, wanneer ons afgesny word van alles wat bekend is en ons sekerhede begin wegval.

► Dr Fanie Cronjé is predikant van die NG gemeente Riviera-Jakaranda in Pretoria.

TERUG NA DIE TOEKOMS

Ons sal nuut moet dink en praat ...

JOHAN VAN DER MERWE

Die Covid-19-pandemie gaan elke gemeente van die NG Kerk dwing om nuut te dink en te praat oor een van die grootste taboes in die kerk – geld! Dit is mos die een onderwerp waarvan baie predikante en lidmate wegskram. Predikante wil nie daarvoor preek nie en lidmate wil dit ook nie hoor nie. Die ekonomiese krisis wat hand aan hand met die pandemie loop, maak egter dat hierdie gesprek nie onontduik sal kan word nie.

Dit is 'n gesprek wat by die predikante moet begin. Gemeentepredikante sal opreg moet meevoel met lidmate wat voorheen ekonomies onafhanklik was maar wat skielik met werklike nood

worstel. Hulle sal in die huis van mense wat skielik nie kos het nie, nie data kan koop nie en nie skoolgeld kan betaal nie, moet instap, Hulle sal tyd moet spandeer en die taal van deernis moet praat. As geestelike leiers sal hulle die gesprek oor konkrete hulp in 'n tyd soos hierdie ook op elke forum in gemeentes op die tafel moet kry – selfs te midde van persoonlike finansiële onsekerheid. Soos ds Francois Retief, uitvoerende amptenaar van Oostelike Sinode dit tereg stel: “Die toets vir missionale kerkwees begin eintlik nou eers. Dit is maklik om oor missionaliteit te praat as jy baie het, gemaklik is en so nou en dan iets gee. Hierdie gaan in baie gemeenskappe iets

heeltemal anders moet word.”

Die pandemie raak egter nie net gemeentede nie. Gemeentebegrotings gaan toenemend onder druk wees. Die meeste gemeentes van die NG Kerk spandeer tussen 65 en 75% van hulle inkomste aan die vergoeding van personeel, wat nie uitsonderlik is vir “diensorganisasies” nie. Dit beteken egter dat die vergoeding van personeel te midde van dalende dankoffers gouer as later ter sprake gaan kom. Die uitdaging is om met groot verantwoordelikheid en openhartigheid deurlopend met personeel te kommunikeer. Tydelike aanpassings in vergoeding soos wat ons tans oral in die wêreld rondom ons sien, mag dalk aan

gemeentes broodnodige finansiële beweegruimte bied en hulle help om te oorleef. Miskien kan predikante selfs hierin 'n voorbeeld stel en kan dit 'n groter getuigenisgeleentheid word as wat ons ooit kan droom – om te wys wat dit beteken om elke dag vir die dag se brood te bid.

Die Covid-19-pandemie kan vir gemeentes van die NG Kerk 'n finansiële ramp word, of dit kan 'n geleentheid wees om te wys wat kerk-wees regtig beteken. Om die ramp te vermy sal ons gouer as later in elke gemeente eerlik oor die taboe moet praat.

► Prof Johan van der Merwe doseer kerkgeskiedenis aan die Universiteit van Pretoria.

Klein venstertjies op God



Nuwe lewe

Lewe op aarde is tydelik en beperk. Verganklik. Alles het, afhange van die spesie, net 'n bepaalde leeftyd. Die digter van Psalm 104 loof en prys die Skeppergod dat Hy alles met groot wysheid geskep het en alle lewe op aarde instandhou en versorg. Diep bewus daarvan dat God die Bron van alle lewe is, bely die psalmis in vers 30: “U gee die lewensasem en daar is lewe; ook uit die grond laat U nuwe lewe spruit” (vgl Hand 17:25). Die foto hierbo illustreer hierdie waarheid. Nuwe lewe het in hierdie doodsvalei ingebreek. Deur die opstanding van Jesus Christus, het alles nuut geword. Ook die sondaarmens het uit sy sondedood opgestaan en leef die ewige lewe (Ef 2:5-6).

Foto en teks deur Kobus Smit
Foto: 'n Plaas buite Williston na lieflike reën in Desember 2012.

NG GEMEENTE PHILIPSTOWN

Die kerkraad van NG gemeente Philipstown wag in afhanklikheid aansoeke in vir onderstaande pos.

VAKATURE: ONBEPAALEDERMYNPOS OF VOLTYDSE VASTETERMYNPOS

Gemeenteprofiel: Philipstown is 'n klein plattelandse gemeente binne die Noord-Kaapland Sinode en die Ring van Hanover. Philipstown bestaan uit 120 belydende en 12 dooplidmate. Daar is 'n vennootskapsooreenkoms met die VGK-gemeente in plek om te help met die bediening van 85 lidmate en 40 kinders.

Leraarsprofiel: Bedieningsgeleentheid volgens Artikel 9 van die Kerkorde. Iemand met 'n duidelike roeping vir die behoeftes van mense in die Bo-Karoo en platteland. 'n Hart om betrokke te raak in die gemeenskap en om saam met die gemeente die koninkryk sigbaar te maak.

Pligte:

- Soos omskrywe in Artikel 9 van die Kerkorde.

Vergoeding en voordele:

- Onderhandelbaar, met sinodale skaal 1 as riglyn.
- Pastorie met munisipale dienste, selfoontoelae.

Aansoek: Belangstellendes word uitgenooi om 'n CV met hulle besonderhede, asook die name en kontakbesonderhede van twee referente te stuur aan:

E-pos: ngkerkph@gmail.com

Sluitingsdatum: 28 April 2020.

Navrae:

- Charmain van der Westhuizen, 072 033 7193.
- Danie Truter, 082 923 2254.

Die kerkraad behou die reg voor om nie 'n aanstelling uit die aansoeke te maak nie.

Radio Kaapse Kansel 729AM


Skakel in op Radio Kaapse Kansel 729AM. Dis AM, nie FM nie, so maak seker jy druk die AM/MW knoppie op jou radio en kies dan 729.



Laai die *Radio Cape Pulpit App* gratis op jou slimfoon.



info@kaapsekansel.co.za



Wat is die Here se plan vir my, vir Suid-Afrika en vir my in Suid-Afrika? Hoe leef ek my geloof uit waar ek ookal gaan?

www.cumbooks.co.za

Bestel by | Bybel-Media: bestel@bmedia.co.za | 0860 26 33 42
Volg Lux Verbi op: @LuxVerbiBoeke @luxverbi | www.luxverbi.co.za

MAGALIESBERG GESINSKERK: NG MARIKANA NOORDELIKE SINODE

Vakature: Voltydse leraarspos

Die kerkraad wag in biddende afhanklikheid van die Here aansoeke in vir die pos van leraar.

GEMEENTEPROFIEL:

Die NG gemeente Magaliesberg Gesinskerk is 'n plattelandse gemeente geleë aan die Magaliesberge. Hierdie gemeente bedien die myndorp, Mooinooi, en die omliggende plaas- en plotgemeenskappe. Daar is 'n goeie laerskool op die dorp, en busvervoer is beskikbaar vir kinders na hoërskole in Rustenburg en Brits. Die gemeente se plek van aanbidding en kantore is geleë in die ATKV-oord Buffelspoort. Die gemeente bestaan uit 340 belydende en 78 dooplidmate.

KANDIDAAT:

Hierdie leraarspos word vir gelegitimeerdes van die NG Kerk aangebied.

Benewens Artikel 9 van die Kerkorde, is die volgende vereistes vir die kerkraad en gemeente van besondere belang:

- Besondere klem op die suiwerheid van die Woord en leer soos vervat in die belydenisskrifte met die vermoë om aktueel en dinamies te preek vir alle ouderdomsgroepe.
- Met die persoonlikheid en gawes om alle ouderdomsgroepe te bereik. Benewens ons ouer lidmate moet die kandidaat ook die gawe hê om te identifiseer en te werk met die jonger geslag onder ons lidmate, veral gesinne met kinders.
- Die vermoë om binne 'n liggaamsmodel doeltreffend te dien. In die lig hiervan moet die kandidaat 'n deelnemende bestuurstyl hê.
- Pastorale sorg en huisbesoeke sal hoë prioriteit geniet en sal in lyn met die missie en gemeentemodel van die gemeente met die kerkraad onderhandel word.
- 'n Bereidheid om in te pas by die gemeente se missionale gerigtheid om hulp en hoop te bring binne die plaaslike gemeenskap.

Die gemeente se model vir die bediening van die gemeente is beskikbaar op aanvraag.

VERGOEDING:

Die vergoedingspakket word aangebied volgens sinodale riglyne tot 'n maksimum van skaal 8 en gebruikelike voordele. Die gemeente beskik nie oor 'n pastorie nie, maar 'n behuisingstoelaag word wel aangebied.

AANSOEKE:

- Alle aansoeke moet vergesel word van 'n volledige CV met minstens drie referente.
- Sluitingsdatum vir aansoeke is **1 Mei 2020**.
- Kandidate moet beskikbaar wees vir 'n onderhoud en preekbeurt.
- Stuur aansoek aan: Die Voorsitter van die Pre-advieskommissie, ngmarikana@mweb.co.za.
- Navrae kan gerig word aan die Pre-adviesvoorsitter, Tjaart Barnard, sel: **082 808 0081** of Hendrik van Gass, sel: **082 553 0343**.
- Diensaanvaarding: So spoedig as moontlik (of soos onderhandel).

Die kerkraad behou homself die reg voor om nie 'n aanstelling uit die aansoeke te doen nie.

NG Gemeente Ottosdal

Vakature: VOLTYDSONBEPAALEDERMYNPOS

GEMEENTEPROFIEL:

Ottosdal-Suid is 'n plattelandse gemeente binne die Goudland Sinode en die Ring van Delareyville. Ottosdal-Suid bestaan uit 233 belydende en 31 dooplidmate. Die gemeente bestaan uit 11 wyke waarvan ses plaaswyke is. Daar is 109 besoekpunte. Die gemeente is ook die hart van die jaarlikse Draf en Trap Fees wat elke laaste Saterdag van Januarie plaasvind.

LERAARSPROFIEL:

Moet goed in spanverband kan saamwerk. Bedieningsgeleentheid volgens Artikel 9 van die Kerkorde. Duidelike roeping om hier, in die platteland diensbaar te kan wees, gemaklik met huisbesoek en persoonlike kontak met lidmate in verskillende lewensstadia. Hart vir barmhartigheidsdiens en die uitreik na die gemeenskap. Goeie verhouding kan handhaaf met ringskollegas. Doelgerigte skakeling met instansies in die gemeenskap.

VERGOEDING:

Vasgestelde pakket volgens Sinodale skaal.
Huisvesting (pastorie) word ingesluit as deel van die pakket.

AANSOEKE:

Belangstellendes word uitgenooi om 'n volledige CV met hulle persoonlike besonderhede, asook die name en kontakbesonderhede van drie referente, te stuur aan:
E-pos: otngsuid@lantic.net
Kontakpersone:
Eumarie Zietsman – 018 571 0157.
Deon Nel – 082 824 2495.

Sluitingsdatum vir aansoekers: 29 Mei 2020.

Die kerkraad hou die reg voor om, sonder opgaaf van redes, geen aanstelling te maak uit die aansoeke ontvang nie.



Vakature – Bestuurder DEGNOS

Diens en Getuienis Noordooste streek of te wel DEGNOS is die missionale arm van die NG Kerk Namibië werksaam in die Noordoostelike gedeelte van Namibië. DEGNOS se primêre doel is die ontwikkeling en ondersteuning van plaaslike gemeentes en die toerusting van gelowiges wat die begeerte het om diensbaar te wees in die koninkryk van die Here.

► Die take van die bestuurder sal insluit:

- Opleier, programontwikkelaar en -fasiliteerder.
- Mentor vir kerkrade en leraars van San-gemeentes.
- Aktiveerder vir dissipelskapdoeleindes.
- Skakelbeampte om die werksaamhede van DEGNOS bekend te stel aan die breër publiek.
- Strategiese bestuur van DEGNOS.
- Kantooradministrasie en fondswerwing.

► Die ideale kandidaat sal oor die volgende eienskappe beskik.

- Dissipel van die Here Jesus Christus.
- Goeie kommunikeerder met die vermoë om met alle belanghebbendes op 'n doeltreffende manier te kommunikeer.
- Passievolle opleier.
- Gawe om lief te hê met oorgawe in alle omstandighede oor alle grense heen.
- Strategiese leier wat die organisasie kan lei op die pad wat die Here uitwys.

► Kwalifikasies en ondervindingvereistes

- NQF vlak 6 (3 jaar-diploma of graad).
- Gereformeerde teologiese opleiding.
- Aktiewe betrokkenheid in kruiskulturele dissipelskapprogramme.
- Aktiewe betrokkenheid in opleiding.
- Ondervinding in kantooradministrasie, finansiële bestuur en kerkbestuur.
- Ondervinding in mentorskap.
- Ondervinding in leierskap met veral fokus op langer termynstrategie.

► Sluitingsdatum: 30 April 2020.

Belangstellendes kan hulle CV tesame met 'n bekendstellings brief rig aan: Die Beheerraad – DEGNOS en dit e-pos aan: hffuls@gmail.com

NG GEMEENTE HOOPSTAD

Vakature: Medeleraar

Hoopstad gemeente stel met vreugde en vertroue op God die volgende medeleraarsvakature bekend.

Gemeenteprofiel:

Hoopstad is 'n plattelandse gemeente in die Noordwes-Vrystaat met sowat 705 belydende en 201 dooplidmate. Hoopstad is 'n sterk boerderygemeenskap met saailande as die belangrikste deel van die boerdery. Ons het 19 wyke en sowat 416 besoekpunte, waarvan 68 by die tehuis vir bejaardes is. Die gemeente beskik ook oor die dienste van 'n voltydse getuieswerker.

Droom en Visie:

Ons as gemeente glo dat ons op aarde geplaas is om hulp te verleen aan dié wat dit nodig het. Ons het vyf waardes waarvolgens ons alle werksaamhede inrig: Gemeenskap, Diensbaarheid, Aanbidding, Evangelisasie en Dissipelskap. Dit is ons droom om ons gemeente toe te rus om hulle gawes te gebruik in die gemeenskap om die koninkryk van God te vestig op aarde. Ons wil groei in ons verhouding met God, mekaar en ander dat ons so daaglik God se missionale roeping kan uitleef.

Pligte: Soos omskryf in die Kerkorde Artikel 9, met byvoeging van huisbesoek om die gemeente te leer ken.

Vergoeding: Handel volgens die sinodale skale. Voorsiening word ook gemaak vir reiskoste, medies, pensioen en ander toelaes. 'n Ruim en doelmatige pastorie is ingesluit by die pakket.

Aansoek: Gelegitimeerde leraars kan 'n volledige CV per e-pos stuur gerig aan die kerkraad by ngk hoopstad@gmail.com

Kandidate op die kortlys moet beskikbaar wees vir 'n onderhoud. Die kerkraad behou hom die reg voor om nie noodwendig die vakature uit een van die genomineerdes te vul nie.

Sluitingsdatum: 13 Mei 2020.

Navrae: Ds Johan Koen, 053 444 1515 of 082 393 2944 of koenj@yahoo.com
Die Sakebestuurder: Me Zibbie du Toit, 053 444 1058 of ngk hoopstad@gmail.com

AMPTELIKE NUUS UIT DIE NG KERK-FAMILIE

Stuur Amptelike Nuus na
Lida Viljoen by lida@tydskrifte.co.za

WES-KAAPLAND BEVESTIGING

Ds Jakkie Strachan het die beroep na NGK Welgemoed aanvaar. Sy diensaanvaarding is 1 Mei 2020. (Fritz Brand, Administrasiebestuurder, 09.04.2020).

HOËVELD BEVESTIGING

Prop Frederik Coetzee het die beroep na NGK Secunda-Oos aanvaar en sal DV georden word op 10 Mei 2020, indien die grensdelyd verby is. Hy begin amptelik op 1 Mei 2020. Ons dank die Here vir sy gewilligheid om by ons te kom dien en bid vir die salwing van die Gees. (Melanie de Villiers, Finansiële beampte, 15.04.2020).

OOSTELIKE SINODE EMERITAAT

Ds Benjamin Daniel Blom van NG gem Belfast het sy emeritaat ontvang op 26 April 2020 ontvang. (Ds Rika van Vuren, RS, 23.04.2020)

DEMISSIE
Ds Louis Fourie van NG gem Marble Hall het demissie op 26 April 2020 ontvang weens artikel 17. (Ds Rika van Vuren, RS, 23.04.2020).

Umhlanga gemeente gaan deur 'n seisoen van verandering.

Sedert ons vorige advertensie in Oktober 2019, het ons senior leraar na bykans 24 jaar diens sy emeritaat ontvang en vroeër vanjaar het ons junior leraar onverwags bedank nadat haar man 'n werksgeleentheid in die buiteland aanvaar het en hulle dus emigreer.

Genoemde gebeure plaas ons gemeente in totaal nuwe omstandighede.

Met nadere ondersoek, nadenke en baie gebed, het die gemeenteraad besluit om die twee voltijdse poste te konsolideer in 'n enkele pos en stel ons dus die volgende pos vir 'n voltijdse leraar bekend.

Vakature: Voltijdse leraar

Die NG gemeente Umhlanga se visie is om in Jesus se voetspore te volg. Dit beteken ons is 'n liefdesgemeenskap, 'n geloofsgemeenskap en 'n verkondigingsgemeenskap. Ons het God en ons naaste en die wêreld lief en ons glo in Jesus en in die almag van God. Ons verkondig Jesus se liefde en genade aan die wêreld. Ons waardes word bepaal deur die riglyn wat Jesus in Matteus 22 saamvat wanneer Hy leer dat ons God bo alles moet liefhê en ons naaste soos onself. Dit is ons droom dat elke lidmaat die vrug van die Gees sal dra soos dit in Galasiërs 5:22 beskryf word.

Gemeenteprofiel:

- NG Umhlanga lê in die hart van Umhlanga. Umhlanga is 'n multikulturele en sterk diverse omgewing. Die gemeente is 'n dinamiese, vloeiende en voorstedelike gemeente, geleë in 'n omgewing van (oorwegend) Engelssprekende kerke aan die noordelike kus van Durban met ongeveer 490 belydende en 159 dooplidmate.
- Die gemeente word tans deur een leraar bedien in 'n 25%-pos.
- 'n Derde van die lidmate is ouer as 60 jaar en het 'n behoefte aan meer tradisionele eredienste, terwyl die jonger lidmate streef na vernuwing, terwyl hulle steeds met die suiwer Skrif in hulle moedertaal bedien wil word.
- Ons orkes is bekend vir hulle musiek en in ons voorsang en erediens, sing ons Afrikaanse sowel as Engelse liedjies uit verskeie bundels. Ons orrel word ook van tyd tot tyd ingespan.
- Daar is verskeie uitstekende hoër- en laerskole in die omgewing.

Leraarsprofiel:

Die gelegitimeerde predikant wat die Here in hierdie gemeente kom dien, het verkieslik tussen 12 en 15 jaar ondervinding en sal verantwoordelikheid neem vir:

- Die ontwikkeling en implementering van 'n strategie wat meeewing, groei en betrokkenheid by die gemeente bevorder en uitbou.
- Die ontwikkeling en implementering van jeugbedieningstrategieë met die doel om groei en ontwikkeling onder die jeug te bevorder.
- Bou op die kommunikasiekanale en bedieningskanale alreeds in plek, deur die gebruik van multimedia en ander sosiale platforms om die prediking en gemeente-aktiwiteite te ondersteun en te bevorder.
- Kontak met lidmate in verskillende lewensfasies en omstandighede besef en bereid is om met passie daaraan uitvoering te gee.
- As sterk kommunikeerder dinamiese prediking en Woorduitlegging sal toepas vir die omstandighede van die dag.
- As instrument in die hand van die Here in spanverband sal werk om God se doel vir hierdie gemeente te help uitvoer.

Vergoeding:

'n Vergoedingspakket binne die raamwerk van die sinodale skaal word aangebied. Die volledige vergoedingspakket, wat 'n behuisingssubsidie insluit, sal met die suksesvolle kandidaat onderhandel word.

Aansoek:

Belangstellende leraars van die NG Kerk word uitgenooi om 'n volledige CV met persoonlike besonderhede, asook die name en kontakbesonderhede van drie referente te stuur aan: Die Voorsitter van die Gemeenteraad: Ettiëne Thiebaut by: kantoor@ngumhlanga.co.za

- 'n Aanvullende motivering moet die aansoek vergesel waarin aangedui word hoe die kandidaat met sy/haar besondere talente kan bydra tot die vernuwing en groei van die gemeente.
- Kandidate wat oorweeg word, kan genooi word vir 'n onderhoud en om moontlik 'n erediens binne die gemeente te lei.
- 'n Onlangse foto van die aansoeker en sy/haar gesin is opsioneel, maar sal waardeer word.
- Die Pre-advieskommissie behou die reg voor om self ook inligting aangaande die aansoeker in te win.

Sluitingsdatum: 31 Mei 2020.

Diensaanvaarding: 1 Augustus 2020 of so spoedig moontlik daarna.

Navrae:

- Die Voorsitter van die Gemeenteraad: Ettiëne Thiebaut by: kantoor@ngumhlanga.co.za of sel: 083 631 1647.
- Ds Nico Jv Rensburg: jansevanrensburgnico297@gmail.com of sel: 082 927 5742.

Die kerkraad behou die reg voor om nie 'n aanstelling uit die aansoek te maak nie.

ALGEMEEN

WATERWYS: Wetenskaplike. Jare ondervinding in VIER Afrikalande. Johan Barnard (Pr Ing) 082 967 4627.

AKKOMMODASIE

BLOEMFONTEIN
B@HOME

Emil en Sandra. Vriendelik, rustig en veilig. Netjiese selfsorgeenhede met tuin en braai. Naby MediClinic, Mall, skole en universiteit.

Enkel: R350, dubbel: R470.
Groter eenheid: Spesiale tarief.
Skakel 051 444 0204 of
083 235 3000.

BLOEMFONTEIN

Oornagverblyf. DSTV, lugreëling, badkamer. Veilige parking. Naby N1, skougronde, hospitale en inkopiesentrums. Vanaf: R250.
Skakel Hanlie, 084 400 2693.
hanlidevilliers@webmail.co.za

VAKANSIE-
AKKOMMODASIE

JEFFREYSBAAI: SANDKASTEEL. 2 slaapkamer (slaap 6) wooneenhede volledig toegerus. Sentraal by die see. Tel: 042 293 1585.

VAKANSIE-
AKKOMMODASIE

KLEINMOND: Seefrontvakansiehuise, woonstelle en kothuise te huur. Besoek ons webtuiste: www.kleinmondprop.co.za. Skakel ons. Tel: 028 271 3047, sel: 083 700 4962.

MARGATE/MANABAstrand: Ithaca woonstelle – stapafstand van Lucien- en Margatestrand. Oopplan woonstel – slaap 4 (2 volw en 2 kinders). Swembad, speelarea, braai- en ontspanningsgeriewe. Stapafstand van Manaba Spar. Inligting en foto's: Ester 073 268 0336.

REEBOK/TERGNIET
(MOSSELBAAI)

2 slaapkamerwoonstel (slaap 4) aan huis. Volledig toegerus. Baie netjies. Private tuin, onderdakbraaigeriewe. Dwars deur die jaar beskikbaar. Geen troeteldiere. Skakel 083 651 4517.

UVONGO: Selsorgwoonstel. Pragtige see-uitsig. Loopafstand vanaf see. Vanaf R480 p/d per eenheid, buiteseisoen. 084 547 8522 of 039 315 5779. Webblad: www.grietseplek.com

WILDERNIS: ARENDSNES. Volledig toegeruste 2 slaapkamer, see-uitsig, selsorgwoonstel met binnebraai, DSTV, slaap 4/5. Beate 083 231 0315, 044 877 0471. beatyv@absamail.co.za

Om kleinadvertensies te plaas, kontak Lida Viljoen: Tel: 021 864 8202; E-pos: lida@tydskrifte.co.za

Om te adverteer in *Kerkbode*,
kontak Hanlie Raath: Tel: 023 342 6030
Sel: 072 357 8914. E-pos: woes@mweb.co.za

Trinity Uniting Church in the City of Perth verwelkom
graag alle Afrikaanssprekendes in die middestad!

Die Afrikaanse Gemeente van die Uniting Church in the City of Perth, is geleë in die hart van Perth se middestad.

Die Afrikaanse Gemeente het ten doel om alle Afrikaanse emigrante en migrante te help integreer in 'n multikulturele Australiese samelewing. Ons wil vir almal 'n geestelike tuiste en 'n familie gevoel skep, waar nuwe mense ontmoet kan word. Ons wil ook met die evangelie 'n verskil hier in die vreemde maak. Ons werk daarom nou saam met die Engelse gemeentes van die Uniting Church in the City, asook ander kerklike denominasies.

Ons kom weklíks byeen vir eredienste. Die laaste Sondag van die maand kom ons om 08:30 by Trinity Uniting Church byeen, vir 'n meer klassieke eredienste. Die ander drie Sondae kom ons om 18:00 by Ross Memorial Uniting Church byeen, vir 'n meer kontempêre eredienste. Die eerste en derde Sondag van die maand het ons 'n groep, **Awaken**, wat om 18:00 by Trinity byeenkom. **Awaken** is gerig op studente en jongwerkendes. Alle preke by al drie eredienste is eietyds en sterk Woord-gerig.

Ons wil alle voornemende migrante en emigrante uit Suid-Afrika met ope arms ontvang. Kom raak deel van ons gemeente en ontmoet ander Afrikaners, Aussies en mense van ander kulture uit ander lande van die wêreld.

Predikante: **Ds Hannes Halgryn** en **Dr Herman Nienaber**
Facebook: **Kerk in die Stad**
Webblad: www.perthunitingchurch.com.au
E-pos: hannesh@ucic.org.au en hermann@ucic.org.au



E-BOEK
NOU
BESKIKBAAR

**DIE
BYBEL
IN
FOKUS**

Hoe om gelowig én denkend te

LOUIS JONKER
JAN BOTHA
ERNST CONRADIE

**DIE
BYBEL
IN
FOKUS**

Hoe om gelowig én denkend te lees

LOUIS JONKER
JAN BOTHA
ERNST CONRADIE

Epub ISBN: 9780796323333

'n Hulpmiddel om die Bybel in moderne tye krities
tóg gelowig te lees met vastrappeleke om opnuut
God se stem uit die Bybel te hoor.

Volg ons by: @LuxVerbiBoeke @luxverbi | www.luxverbi.co.za

Christine van Wyk-Toere

Ons berei voor vir 'n
voortreflike 2021

MOONTLIKE TOERE OM NA UIT TE SIEN

- Ryntoer: April/Mei
- Ryntoer/Switzerland: April/Mei
- Switzerland: Mei/Junie
- Rusland: Junie
- Russie Bootvaarte: Junie/Augustus/September
- Skandinawië: Junie/Julie
- Europese Kersfeestoer: Desember

**ONS SIEN DAARNA UIT OM SAAM MET U DIE
WÊRELD WEER TE LEER KEN ...
2021 GAAN BAIE OPWINDEND WEES**

**ONS BIED TOERE VIR DIE FYNPROEWER EN STREEF
NA GEHALTEDIENS.**

KONTAK ONS OM U VOLGENDE OPWINDE TOER TE BEPLAN

Tel: 012 546 4967 Faks: 012 565 5678
Sel: 082 377 9484 SMS/WhatsApp: 082 377 9484
E-pos: info@toere.co.za
Web: www.travelentoer.co.za

SMS die woord **TOERE** gevolg deur 'n spasie
en jou e-posadres aan 41876.

CW
CHRISTINE VAN WYK-TOERE

Dana bly tuis

Dana Snyman
Foto: Adrian de Kock



Om ook die stilte te kan kies

Dit is vroegoggend, 19 April. Hoe lank duur hierdie tyd van gedwonge afsondering nou al? Ek is nie seker nie. Ek het opgehou om die dae te tel.

Dit is 'n Sondag vandag, dit weet ek wel. Selfs in hierdie seisoen van stilte klink 'n Sondag steeds anders as die ander dae, ook op hierdie stil dorpie van ons. Op ander dae klap die een buurman, 'n tandarts, se Tuareg se deur kort voor sewe al toe en ry hy na sy spreekkamer toe. 'n Bietjie later sal die visfabriek se vragmotor verbydreun. Oom JP oorkant die straat spuit ook vir ses dae per week elke oggend vroeg-vroeg tuin nat.

Al wat jy op die oomblik hoor is die veraf ruising van die see.

'n Sondag is die afwesigheid van te veel en te harde klanke. Miskien is dit juis daarom dat 'n mens aan geluide en klanke dink wanneer jy aan die Sondae van jou lewe dink.

Pa was altyd eerste wakker op 'n Sondagoggend. Van vroeg af kon jy krane in die badkamer hoor oop- en toegaan. Water wat gorrelend uit die bad loop. 'n Laai wat in die kamer oopgetrek word, gevolg deur Pa wat iets mompel.

'n Ruk later sou hy in die gang verbykom, sy swart Clark-skoene skuurskuur oor die teëlvloer, met die reuk van Vitalis-haarolie wat hom agtervolg.

Later sou Ma die radio in die kamer aanskakel. 'n Sondagoggend in die jare sewentig is Fanie Smit wat oor Radio Suid-Afrika sê: "n Hartlike goeiemôre van my, Fanie Smit. Welkom by nog 'n aflewering van Alle Volke Loof die Here ..." Dan die eerste note van 'n JS Bach-stuk wat deur die huis sweef.

Daarna, terwyl Ma was en aantrek, elke klank wat gevolg word deur 'n reuk: 'n Kasdeur wat oopgaan, dan die reuk van lyfpoeier. 'n Sarsie sulke psst-psst-geluide, dan die reuk van haarsproei. Dan die geklop van Ma se



"Ek kan aanhou om sulke Sondae tot in die fynste besonderhede te probeer beskryf, maar dit is vergeefs, als 'n bietjie vergeefs. Pa en Ma is lankal oorlede, en ek kan nie onthou wanneer laas het ek 'n kerkklok hoor lui nie," skryf Dana Snyman in dié aflewering van sy rubriek.

hakke op die gangvloer.

Gewoonlik het die huishulp nie op 'n Sondag kom werk nie, maar met Ma alleen in die kombuis op 'n Sondagoggend, het dit geklink of daar twee of drie mense gelyktydig aan die woel is. 'n Pot wat uit 'n kas gehaal en hard op die tafel neergesit word. Die oonddeur wat oopkraak en die enemmelbak met die opgestopte skaapboud in wat oor die oondrak skuif. Die historiese gesjoei van 'n Kenwood Chef-menger, wat karring aan een van Ma se bestes: skuimpoeding, swaargelaai met gesnipperde perskestukke, grenadillapitjies en liefde.

En iewers, tussen alles deur, sou die koster die klok by die kerkgebou langs aan begin lui het – die eerste gelui terwyl die duiwe uit hulle neste in die tooring skarrel en wegvlieg.

Die eerste hoeveel jaar van my lewe is afgemeet deur 'n kerkklok, uur vir uur vir uur.

En naby soveel kerke in die land het 'n bordjie langs die straat gewaarsku: Stilte kerk.

Uiteraard het ek en Ma op 'n Sondag somer kerk toe gestap, nadat ek eers die honde in die strykkamer gaan toemaak het, anders kom hulle ook kerk toe.

Die klank van 'n pyporrel in 'n kerk voor 'n kerkdien begin, is dalk die diepste, weemoedigste, gerusstellende klank wat ek ken. Jy hoor dit nog voor jy in die gebou is, asof dit 'n duisend-entien gestorwe heiliges is wat jou nou: kom in, kom in, terwyl jy by die kerk se trappies opstap, oor die portaal se blink blokkiesvloer, af op die wynrooi mat in die gangetjie tussen die banke, met die reuk van meubelolie en vroom gebede in die lug.

Ek kan aanhou om sulke Sondae tot in die fynste besonderhede te probeer beskryf, maar dit is vergeefs, als 'n bietjie vergeefs. Pa en Ma is lankal oorlede, en ek kan nie onthou wanneer laas het ek 'n kerkklok hoor lui nie.

Buitendien, in die meeste gemeentes word lankal nie meer kerk gehou soos tóé nie. Baie kerke het nie meer 'n pyporrel nie. In ander is die preekstoel afgebreek en vervang met 'n verhoog waar 'n

orkes op 'n Sondag musiekmaak. Die meeste predikante se preke is ook nie meer so vol onweerswolke en Skrifgesag soos my liewe pa s'n nie.

Dit is nie goed of sleg nie. Dis net hoe dit is. Niks op aarde bly dieselfde nie.

In hierdie grendeltyd mag 'n mens nie 'n diens in 'n kerk bywoon nie. Maar ek het reeds gekyk: Ek kan vanoggend na ver meer as 'n honderd boodskappe of preke op my rekenaar se skerm kyk en luister, in my slaapbroek, met 'n beker koffie langs my op die tafel en my hond wat warm teen my voete lê.

Dit is nogal bevrydend, maar dis asof iets in 'n mens wil bly vasklou aan die klank van 'n pyporrel en die reuk van vroom gebede en meubelolie, en oorlede Pa se preke vol Skrifgesag.

Ek dink ek gaan vanoggend eerder in my voortuintjie sit. Die voëls raas reeds in die nuwe saadbak wat ek vir hulle neergesit het.

Die pad vorentoe, vir nou, vir eers, vir my, is deur die stilte, op soek na iets meer oop en wyd, 'n geloof wat nie net op 'n Sondag vir jou sekerhede bring nie.

Ons bestuur jou geld met meer as 150 jaar se gesamentlike kundigheid, ervaring en vaardigheid.
Presies soos ons eie.

www.krugerinternasional.co.za 011 726 7700 admin@krugerinternasional.co.za
PRETORIA | MOSSELBAAI | JOHANNESBURG | SOMERSET-WES | PORT ELIZABETH | GEORGE

